

# Om Paulus se Moeilik-Verstaanbare Skrifgedeeltes Aangaande die Wet en Gebooie van God te Verstaan

*Vertaal deur Helmut Burger*

## **Voorwoord**

Wat hierna volg is 'n Afrikaanse vertaling van 'n aanhangsel, ("Appendix A"), tot die boek, "Occult Holidays or God's Holy Days – Which?", geskryf deur Fred R. Coulter en uitgegee deur York Publishing Company, Post Office Box 1038, Hollister, California, 95024 – 1038, United States of America. Die ISBN-nommer is, 978-0-9675479-9-2. Daar is so na as moontlik aan 'n letterlike vertaling gebly, maar is daar, ten einde die ware bedoeling weer te gee, soms van hierdie riglyn afgewyk. Die vertaling geskied met die toestemming van die outeur. Skrifaanhalings kom uit die 1953 Afrikaanse Vertaling van die Bybel, tensy anders aangedui of uit die konteks anders blyk.

## **Inleidend**

'n Grondliggende lering van moderne Evangeliese Protestantisme is dat dit nie van 'n "wedergebore" Christen vereis word om die wet van God te onderhou nie – veral nie die Sabbat en heilige dae wat in beide die Ou en die Nuwe Testament aangetref word nie. Talle "moeilik-verstaanbare" verse uit die sendbriewe van Paulus word dan aangehaal en maak hulle aanspraak daarop dat Paulus 'n "superieure openbaring" ontvang het wat selfs die leringe van Jesus vervang, en wat aan Paulus die gesag gegee het om weg te doen met die vereiste dat 'n Christen die wette en gebooie van God moet onderhou – 'n aanspraak wat in sommige gevalle selfs na bekering en die doop ook uitgebrei word. Hoe kan dit wees?

In sy boek, *Sunday Fact & Sabbath Fiction*, beweer Dr. Russell Tardo prontuit, "Every bit of the law was nailed to Calvary's cross, having been completed and fulfilled in the person and life of Jesus Christ" (p. 43). En, tragies genoeg, word hierdie wye stelling ook dan vandag deur die meerderheid Protestante geglo. Wysende op Kolossense 2:14-16 en soortgelyke skrifgedeeltes, poog hulle om die Skrif te gebruik om hulle siening dat die Ou Testamentiese wette, (veral die Sabbat en jaarlikse feeste asook die wette aangaande rein en onrein voedsel), aan die kruis vasgespyker is, te regverdig.

As gevolg van valse, ineengestremde wanvertolkings, gepaardgaande met swak ontoereikende vertalings vanuit die oorspronklike Griekse tekste van die apostel Paulus se "moeilik-verstaanbare" skrifgedeeltes, (primêr die in Romeine, Galasiërs en Kolossense), glo Protestante tipies dat die wette en gebooie van God 'n vloek is, en, onnodig vir saligheid. Daar word derhalwe gesê dat sulke wette deur Jesus Christus afgeskaf is – deur Sy lewe, kruisiging en opstanding.

Maar, is dit waar? Wat is die korrekte vertaling en korrekte verduideliking van sodanige moeilike bybelse skrifgedeeltes?

Toegegee, sommige van Paulus se skrifstukke is ingewikkeld en moeilik om te verstaan. Selfs Petrus het so gesê. Maar, soos ons sal sien, lê die probleem glad *nie* by wat Paulus geskrywe het nie maar; die probleem ontstaan want sommige gaan bedrieglik

met die Skrif om (II Kor. 4:2), en "sny" derhalwe die Woord van God bedrieglik (II Tim. 2:15). Let op wat Petrus geskryf het: "En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie **dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf** (II Pet. 3:15-16).

Ongelukkig verkies miljoene mense om die talle, "heiliger-as-U", deskundiges wat Paulus se geskifte verdraai en verwring, te glo. Derhalwe vervul hulle Jesaja se profesie: "Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is!...wat vir 'n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontnem!" (Jes. 5:21, 23).

Is dit nie 'n hedendaagse beskrywing van die toestand van regerings en godsdienste nie? God waarsku dat oordeel sal kom weens die verwerping van God se wet en die vervanging daarvan met valse vertolkings en opvattinge. Jesaja verklaar verder: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter!... Daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmeekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle uitspruitel soos stof opstuiwe; **omdat hulle die wet van die HERE van die leërskare verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het**" (Jes. 5:20, 24).

Petrus het verder gewaarsku dat sulke leraars God doelbewus sal belaster en die wet van die Here sal verwerp deur hulle valse leringe: "Maar daar was ook valse profete onder die volk [van Israel], net soos **daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer**, en ook die Here wat hulle gekoop het, verleen en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en **baie sal hulle verderflikhede [as gesaghebbend] navolg, en om hulle ontwil [as gevolg van hulle] sal die weg van die waarheid gelaster word**; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie" (II Pet. 2:1-3).

### ***Is die Wet van God 'n Vloek?***

Hierdie slinkse benadering, soos deur Jesaja beskryf, het tot gevolg dat die meeste Protestante sulke kritieke skrifgedeeltes soos Galasiërs 3:13 heeltemal verkeerd verstaan: "**Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet** deur vir ons 'n vloek te word [om ons van ons sondes te red]—want daar is geskrywe: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang'." Kentekenend, doen hulle hierdie vers geweld aan deur dit **verkeerd te lees** as sou dit beteken: "Christus het ons van die wet losgekoop wat 'n vloek is." **So-'n verregaande uitleg is heeltemal verkeerd en sonder grondslag – want DIE WET VAN GOD IS NIE 'n VLOEK NIE!**

Die waarheid is dat **die volmaakte wet van God 'n wonderlike seëning is – nie 'n vloek nie!** Sonde is die vloek! Gehoorsaamheid aan die wette en gebooe van God het talryke seëninge tot gevolg (Deut. 28:1-14; Lev. 26:1-13). Sonde - die oorteding van die wet (I Joh. 3:4) - **het vloekte tot gevolg** (Deut. 28:15-68; Lev. 26:13-45). Christus het ons nie van die wet self losgekoop nie maar van **die vloek vir die verbreking van die wet** – die einste vloek wat ons oor onself gebring het weens ons sondes.

Hy verskaf vergifnis en lossing deur Sy volmaakte offerhande en gestorte bloed – Hy verlos ons van die *doodstraf*, wat die *vloek* is van wetsverbreking. **Hy het ons nie losgekoop van onderhouding van die Wet van God nie** – asof mens nie langer onder verpligting is om die wette en gebooie van God te hou nie.

**Die Doel van God se Wette en Gebooie:** Alvorens ons kan begryp wat Paulus in werklikheid geskrywe het, is dit nodig dat ons God se siening van Sy eie wet verstaan en ook hoekom Hy dit aan Israel en aan die mensdom gegee het. Nadat hulle vir veertig jaar in die woestyn rondgeswerf het – weens Israel se gebrek aan geloof en hulle sonde teen God – het God Moses geïnspireer om die volgende aangaande die Wet te skrywe: "Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat Ek julle leer **om te doen**, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem. **Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE, julle God, mag onderhou, wat Ek julle beveel**" (Deut. 4:1–2).

Die kinders van Israel moes die gebooie van God onderhou sodat hulle met die seëninge van God kon *lewe*. Derhalwe is God se wette ooglopend nie `n vloek nie. Hoe kan Protestante dan enigins glo dat Jesus die hele wet afgeskaf het – "dit aan die kruis vasgespyker het" – as God die kinders van Israel beveel het om by Sy gebooie niks *by te sit* of *weg te neem* nie? (Sien ook Deut. 12:32 en soortgelyke verwysings).

God is `n God van liefde. Hy het Sy wette en gebooie as `n *seën* vir Israel en `n *voordeel* vir die hele mensdom gegee. "Daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. En jy moet Sy insettinge en Sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, sodat dit met jou en jou kinders na jou **goed mag gaan**, en dat jy die **dae mag verleng** in die land wat die HERE jou God vir jou altyd sal gee ... **sorg** dan dat julle doen soos die HERE julle God julle beveel het; Julle mag nie regs of links afwyk nie. In al die weë wat die HERE julle God julle beveel het, moet julle wandel **sodat julle kan lewe** en dit met julle **goed kan gaan** en julle die **dae kan verleng** in die land wat julle in besit sal neem. Dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die HERE julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem; Dat jy die HERE, jou God, kan vrees om **al Sy insettinge en Sy gebooie wat ek jou beveel, te hou** – jy en jou kind en jou kindskind **al die dae van jou lewe**; en **dat jou dae verleng kan word. Hoor dan, Israel, en onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan** en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die HERE, die God van jou vaders, jou belooft het, `n land wat oorloop van melk en heuning". (Deut. 4:39–40; 5:32–33; 6:1–3).

Met hierdie skrifgedeeltes in gedagte, moet ons dan vra: Wat is `n bekeerde mens se gesindheid jeens die wette en gebooie van God? Verwerp, verag en verkleineer Hy, Die Wetgewer, Sy eie wette? Definitief nie! Aangesien die wette en gebooie in die hart en in die verstand van `n ware bekeerde mens geskrywe word, (Heb. 10:16), sal hulle dit liefhê, dit oordink en daarvolgens, in die gees van die wet lewe, (Rom. 7:6), soos wat koning Dawid gedoen het. Let op sy gesindheid jeens die wette en gebooie van God, welke hy verhef het en geloof het as synde volmaak: "**Die wet van die HERE is volmaak**: Dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: Dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevel van die HERE is reg: Hulle verbly die hart; **die gebod van die HERE is suiwer**, dit verlig die oë. Die vrees van die HERE is rein: Dit bestaan tot in

ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid – tesame is hulle regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop. **Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.** Die afdwalinge – wie bemerk hulle? Spreek my vry van die wat verborge is. Hou u kneg ook terug van moedswillige *sonde*; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding" (Ps 19:8–14).

Dawid het die Wet nooit `n vloek genoem nie! Hy het ten volle verstaan dat God Sy wette aan die mensdom gegee het ten einde geregtigheid en sonde te **definieer**. As ons gehoorsaam, is die wet nie `n vloek nie maar `n seëning. As ons ongehoorsaam is, bring ons die vloek van die wet, weens ons ongehoorsaamheid, oor onself.

Ons vind ook baie geestelike begrip aangaande God se wette en gebooie in Psalm 119. Let op die volgende sleutelverse:

Ps.119:142 "U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u wet is waarheid".

Ps.119:151 "Al u gebooie is waarheid".

Ps.119:160 "Die hele inhoud van u woord is waarheid".

Ps.119:172 "Al u gebooie is geregtigheid".

Ps.119:97 "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag".

Ps.119:113 "Twyfelaars haat ek, maar u wet het ek lief".

Ps.119:119 "U ruim al die goddelose van die aarde weg soos skuim; daarom het ek u getuienisse lief".

Ps.119:127 "Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud".

Ps.119:140 "U woord is deur en deur gelouter, en u kneg het dit lief".

Ps.119:159 "Aanskou dat ek u bevele liefhet; o HERE, maak my lewend na u goedertierenheid".

Ps.119:163 "Leuens haat ek en het daar `n afsku van; u wet het ek lief".

Ps.119:167 "My siel onderhou u getuienisse, en ek het hulle baie lief".

Dawid se gewyde, bekeerde gesindheid van liefde jeens God en Sy wette – soos duidelik blyk reg deur Psalm 119 – is ongetwydeld profeties van Jesus Christus se eie gesindheid en liefde vir God se wette en gebooie tydens Sy bediening in die vlees toe hy "die wet groot en heerlik gemaak het" (sien Jesaja 42:21) waardeur die geestelike bedoeling en doel daarvan geopenbaar is.

`n In-diepte studie van die hele Psalm 119 behoort deur die leser onderneem te word om `n meer omvattende begrip van die wette en gebooie van God, te verkry.

Deur skrifaanhaling het Jesus op die grootste gebod van almal, uitgebrei: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot [grootste] gebod en die tweede wat hiermee gelykstaan [soortgelyk aan]: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete". (Matt. 22:37-40). Reflekteerend op wat Jesus hier gesê het, het die apostel Johannes geskryf dat liefde en gebodsonderhouding hand aan hand gaan: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: Wanneer ons God liefhet en Sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie". (1 Joh. 5:2-3).

### ***Jesus Christus het nie die wet afgeskaf nie***

Waarom het so baie mense – veral godsdienstige leiers – soveel uitdagende minagting vir die wette en gebooie van God? Paulus verskaf die antwoord: "Omdat wat die vlees bedink vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie". (Rom. 8:7). 'n Wettelose verstand hou nie daarvan om deur "wet" ingeperk of bedwing te word nie. Dit "beperk" die lewensteil, presies soos wat Spreuke sê: "Al die weë van 'n man is suiwer in sy oë .... daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood". (Sp. 16:2, 25). Satan wil hê dat "sy kinders gelukkig" moet wees in hulle opstandige gedrag – vandaar wettelose generasies.

Aan die ander kant, as ons hierdie skrifgedeeltes verstaan en ook die feit dat "die hele wet en die profete" ondervang word deur die liefde van God, hoe kan enigeen dan enigsins glo dat Jesus gekom het om die wet af te skaf? Wat het Jesus self verklaar aangaande "die wet en die profete"? Hy het uitdruklik verklaar, "moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een tittel van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie". (Matt. 5:17-18).

As Jesus dan sê, dat ons nie eers daaraan moet dink nie, of veronderstel nie – wat nog in Sy naam predik dat Hy gekom het om die wet of die profete af te skaf! Te meer nog, het Hy die hemele en die aarde as ewigduurende getuies van die feit dat die wette van God nie verby sal gaan nie, ingestel – nie eens 'n oënskynlike onbelangrike jota of titteltjie nie! Dus, aangesien die hemele en die aarde steeds bestaan, het Jesus nie die wet of die profete afgeskaf nie! Volmaaktheid is tydloos.

Voordat Jesus in die vlees gekom het, gebore uit die maagd Maria, was hy die HERE God van die Ou Testament. Hy was die Een, wie die Tien Gebooie tot Israel gespreek het. Jesus is die Wetgewer in beide die Ou en die Nuwe Testamente.

Trouens, toe Jesus vir Satan die duiwel gedurende Sy beproewing in die woestyn oorwin het, het Hy duidelik gesê, "daar is geskrywe [in die wet], die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan". (Matt. 4:4; Luk. 4:4; Deut. 8:3).

Vergelyk hierdie woorde van Jesus met die onkundige stelling: "The law is a unit of 613 commandments and all of it has been invalidated ... it has seized to function as an authority over individuals". (Tardo, p.31).

As die wet afgeskaf was, sou daar geen sonde wees nie, want, soos Paulus geskrywe het, "waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie" (Rom. 4:15). Net so,

as daar geen oortreding is nie, verdwyn die straf vir sonde en ook die noodsaaklikheid vir vergifnis van sonde. Dit volg dan logies dat daar geen noodsaaklikheid vir 'n verlosser is nie en dat Jesus vergeefs gesterf het. Uiteindelik lei sulke "anti-wet" redenasies tot die gevolgtrekking dat die mens heeltemal selfvoldaan is, wat natuurlik niks anders as sataniese humanisme is nie – die somtotaal van wettelose genade.

Let op wat Jesus gesê het aangaande diegene wat ander leer om selfs die minste van God se gebooie te breek: "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie **gebooie breek** en die mense so **leer**, sal die **minste genoem word** in die koninkryk van die hemele; **maar** elkeen **wat dit doen en leer**, hy sal **groot genoem word** in die koninkryk van die hemele". (Matt. 5:19).

Christus het voortgegaan: "Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie". (Vers 20). Hierdie stelling deur Jesus is, om die minste te sê, raaiselagtig aangesien die skrifgeleerdes en Fariseërs wel bekend was vir hulle "geregtigheid". Trouens, hoe kan iemand se geregtigheid dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs oortref?

Die antwoord hierop word gevind in hoe dat Christus die wet "vervul het", (Matt. 5:17). Om te "vervul" beteken óf "om tot bo vol te maak" óf "om te voltooi". [Daar is met ander woorde twee verskillende betekenis van die woord, afhangende van die konteks daarvan]. Dit is heeltemal die teenoorgestelde van afskaffing van die wet. Trouens, Jesus het die wet "vervul", "tot bo vol gemaak", deur die ware geestelike bedoeling en toepassing daarvan in menslike gedrag te openbaar – hoe mense met mekaar en met God die Vader en Jesus Christus omgaan. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het gedink dat hulle besonders bedrewe was wat betref die onderhouding van die letter van die wet – maar in hulle korrupte skynheiligheid het hulle die gees en bedoeling van die wet heeltemal misgekyk. (Sien die artikel: Hoe het Jesus die Wet en die Profete Vervul?)

Die Evangelies openbaar dat Jesus gefokus het op die gees van die wet, dwarsdeur Sy bediening. Soos wat Matt. 5 – 7 getuig, het Jesus hierdie nuwe geestelike standaard vir die toepassing van die gees van die wet, spesifiek ingestel vir Nuwe-Testamentiese Christene, vergeleke met die letter van die wet wat onder die Ou Testament vereis was.

Twee voorbeelde sal voldoen om te wys hoe Jesus die wet "vervul", "vol gemaak", het, deur die diep geestelike betekenis daarvan te openbaar: "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! Moet verantwoording doen voor die groot raad; en elkeen wat sê jou dwaas! Moet verantwoording doen in die helse vuur". (Matt. 5:21-22).

"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: "Jy mag nie egbreek nie". Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het". (Matt. 5:27-28).

Hierdie voorbeelde illustreer duidelik die geestelike toepassing van die wette en gebooie van God soos geleer deur Jesus Christus en soos gevind regdeur die Nuwe Testament.

Meer as tien jaar na Jesus se dood en opstanding het die apostel Jakobus, die "broer van die Here," die ware christelike benadering tot die wet van God beskryf, wat hy "koninklike wet" noem. Let op hoe dat wat hy geskrywe het ooreenstem met Jesus se

leringe in Matt. 5 – 7: "As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself – dan doen julle goed. Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word".(Jak. 2:8-12).

Ten slotte, let op hoe dat God Abraham geloof het vir sy getroue gehoorsaamheid toe Hy die verbondsbeloftes na Izak toe oorgedra het: "En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na My stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het". (Gen. 26:4-5). Abraham is nie net die vader van Izak en Jacob en die kinders van Israel in die Ou Testament nie, hy word ook die vader van die Nuwe Testamentiese gelowiges genoem: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename". (Gal. 3;29). Dit beteken dat as ons waarlik aan Christus behoort, dan sal ons doen soos wat Abraham gedoen het. Ons sal die stem van God gehoorsaam en Sy ordening, gebooie, insettinge en wette onderhou. Ons sal nooit glo dat Jesus weggedoen het met die wet nie – óf die wet 'n vloek genoem het nie. Met hierdie grondliggende kennis aangaande die wette en gebooie van God word dit vir ons moontlik om selfs die heel moeilikste skrifgedeeltes wat deur Paulus geskryf is, te verstaan.

### ***Paulus se Maklik-Verstaanbare-Skrifgedeeltes***

Voordat ons daartoe oorgaan om Paulus se moeiliker skrifgedeeltes te bestudeer, deug dit ons om eers na sy maklik-verstaanbare-skrifstukke te kyk – welke onmiskenbaar Paulus se houding jeens die wet van God demonstreer. Byvoorbeeld het hy die volgende aan die Korinthiërs geskrywe: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God {is noodsaaklik}". (1 Kor. 7:19). Hy het verder verduidelik hoe hy na elkeen, Jood en Nie-Jood, uitreik, ter verkondiging van die evangelie. Maar nêrens, op enige tydstip, het hy verklaar dat die wet en gebooie van God nie langer in werking is, hetsy vir homself of vir die gelowige nie: "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win; vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet – al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus – om die wat sonder die wet is, te win". (1 Kor. 9:20-21).

Later, nadat Paulus vanaf Jerusalem na Cesarea gebring was om verhoor te word, het Hy opgestaan en homself voor die Joodse owerhede en Felix, die goewerneur, verdedig en uitdruklik verklaar dat hy, as 'n apostel van Jesus Christus, alles geglo het wat in die wet en in die profete geskryf staan: "En hulle kan ook die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, nie bewys nie. Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskryf is". (Han. 24:13-14). Paulus het ook verklaar, "dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed". (Rom. 7:12).

Aangesien `n ware gelowige inderdaad deur geloof geregverdig word, het Paulus `n antwoord vir diegene wat in `n "wettelose genade" geglo het en daarop aanspraak gemaak het dat regverdiging deur Jesus Christus se offerande die noodsaaklikheid vir die onderhouding van die wet en die gebooie van God uitgeskakel het. Let op wat Paulus geskrywe het: "Aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet". (Rom. 3:30-31).

Ver daarvan om een of ander "groter openbaring" welke Christus se leringe vervang het, te ontvang het, is Paulus se stelling hier ten volle in akkoord met wat Jesus geleer het: "Moenie dink dat ek gekom het om die wet en die profete af te skaf nie". Onder die Nuwe Verbond sal ware gelowiges liefdevol vir Jesus Christus en God die Vader, uit die hart uit, gehoorsaam. Let op Jesus se leringe aangaande gebodsonderhouding – leringe wat evangeliese protestantisme gerieflikheidshalwe ignoreer: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie ... wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat my liefhet; en wie my liefhet, hom sal my Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en my aan hom openbaar ... as iemand my liefhet, sal hy my woorde bewaar en my Vader sal hom liefhê, en ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Hy laat my nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat my gestuur het". (Joh. 14:15, 21, 23-24). Let daarop dat Jesus nie gesê het dat gebodsonderhouding slegs vir die Jode is nie – maar dat dit vereis word van elkeen.

Deur die Heilige Gees van God – wat God gee aan hulle wat Hom gehoorsaam (Hand. 5:32) – word die wet nie afgeskaf nie maar bevestig deur liefde en genade sodat die wette en gebooie in die hart en in die verstand van die mens geskrywe kan word. Die Nuwe Verbond is nie vir Israel en Juda alleen nie maar is vir alle bekeerlinge: "Dit is die verbond wat ek met hulle sal sluit na dié dae, spreek die Here: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal ek dit inskrywe, en aan hulle sondes en hulle ongeregthede sal ek nooit meer dink nie. Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer [diere-offers by die tempel] vir die [regverdiging van] sonde nie". (Heb. 10:16-18). Soos ons sal sien, is die ding wat die twis oor die wet ten grondslag lê, dit: **"Kom regverdiging deur rituele en werke, of deur geloof en genade?"**

Christus is uit die dood opgewek sodat ons geregverdig kan word deur geloof, (te danke aan genade), en in die regte verhouding tot God die Vader gebring kan word. Paulus wys daarop dat geloof, (in die selfstandige naamwoordvorm daarvan), en geloof, (in die werkwoordvorm daarvan), beide vereis word vir God om geregtigheid aan ons toe te reken: "En hy [Abraham], was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloop het. Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie, maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dood opgewek het, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking". (Rom. 4:21-25). Sodra ons tot God die Vader geregverdig is – deur die dood en opstanding van Christus, en ons sondes vergewe is deur geloof in Jesus – dan is ons onder die genade van God. Laat ons die ware betekenis van "genade" verstaan.

**Genade**, soos gedefinieer in die Nuwe Testament, kom van die Griekse woord *charis*, wat "guns, welwillende hulp of sorg, welwillendheid, welwillende bedoeling van God of geskenk; die praktiese toepassing van welwillendheid, `n guns, genadige daad of



begunstiging, `n bron van genade, `n staat van genade, `n genadehandeling en `n werk van genade; om dankbaar te wees, dankbaarheid of dank" beteken. Verdermeer, beteken genade ook die staat of verhouding tussen God en die gelowige, deur Jesus Christus. Waar Paulus die woord "genade" as deel van sy openings- of slotgroet gebruik, gebruik hy dit om "godelike genade" aan die leser van sy brief toe te ken.

Genade is die vry en onverdiende geskenk van God die Vader deur Jesus Christus. Genade is die grootste uitdrukking van God die Vader se liefde en alles-insluitende barmhartigheid. Genade is meer as die vergifnis van sondes. Om "onder genade" te wees, beteken om deurlopend God se goddelike liefde, guns, seën, sorg, hulp, welwillendheid, gunste, gawes en goedheid te ontvang. God die Vader is die bron vanwaar genade na die gelowige kom. Verdermeer, is die ENIGSTE MANIER waardeur genade aan die gelowige geskenk word, die geboorte, lewe, dood en opstanding van Jesus Christus as die volmaakte offerande van God die Vader. Die gelowige gaan die genade van God binne deur geloof in die offerande van Jesus Christus vir die vergifnis van sy of haar sondes. God die Vader skenk Sy genade aan elke gelowige by bekering van sondes en doop deur onderdompeling, wat ons "verbondsdood" in Christus se dood in, is, en is die uiterlike manifestasie en bewys van ons bekering. Deur genade word die gelowige se sondes vergewe en die geregtigheid van Jesus Christus aan hom of haar toegereken.

Genade vestig `n nuwe, geestelike verhouding tussen die gelowige en God die Vader en Jesus Christus. Deur die onverdiende en ongeregverdigde gawe van genade word die gelowige nie net geroep, gekies, vergewe en aanvaar deur God die Vader deur Sy Geliefde nie, maar word hy of sy ook met die Heilige Gees verwek wat hom of haar `n kind van God maak en `n erfgenaam van die ewige lewe. **Van hierdie tydstip af verder, begin die geestelik-verwekte gelowige `n nuwe lewe onder genade.** Soos wat die Skrif openbaar, vereis die lewe onder genade dat die gelowige deur elke woord van God, met volkome liefde en toewyding aan God die Vader en Jesus Christus lewe. **Genade gee nie `n lisensie om sonde te beoefen en die gebooe van God te ignoreer of te verwerp nie. Slegs diegene wat Sy gebooe hou, kan in Sy liefde en onder Sy genade bly.** Elke gelowige wat die genade van God ontvang, het `n persoonlike verpligting teenoor God die Vader en Jesus Christus om sy of haar ou, sondige gedagtes en praktyke, te verlaat en om `n nuwe lewe, daagliks groeiende in die genade en kennis van Jesus Christus, te lei. Vir elke gelowige wat onder genade lewe, tree Jesus Christus as Losser, Hoëpriester en Advokaat op. Wanneer `n Christen wel sondig, dan – as die gelowige berouvol sy sondes bely voor God – tree Jesus voor God die Vader vir daardie gelowige in ten einde God die Vader se barmhartigheid en genade te verkry en derhalwe as versoening vir daardie sondes te dien.

Vêr van die afskaffing van die wette en gebooe van God, **vestig** hierdie persoonlike verhouding tussen God die Vader, Jesus Christus en die ware gelowige **die wet deur liefde en gehoorsaamheid.**

Teen hierdie agtergrond kan ons nou begin om die ware betekenis van Paulus se moeilike skrifgedeeltes te verstaan. Ons sal eerstens die sewende dag Sabbat-kwessie onder die loep neem want, dit lê aan die hart en kern van die dilemma van begrip van Paulus se moeilike skrifstukke. Ons studie sal begin deur te kyk na Paulus se lering aangaande sabbatsonderhouding in Heb. 4:9.

## Die Ware Betekenis van *Sabbatismos* in Hebreërs 4:9

"Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Heb 4:9). In die Engelse King James is hierdie skrifgedeelte soos volg vertaal: "There remaineth therefore a rest to the people of God". Soos ons sal sien, is nie een van hierdie twee vertalings heeltemal korrek nie en is die gevolg van Ortodokse vooroordele teen die heilige Sabbatdag van God.

As gevolg van hierdie foutiewe vertaling – hoofsaaklik toe te skryf aan protestantse vyandigheid jeens die sewende dag Sabbat en hulle voorkeur vir Sondag – word hierdie vers feitlik universeel misvertolk en misverstaan. Die feit is dat die ware betekenis van Heb. 4:9 die direkte teenoorgestelde is van die vals interpretasie wat deur baie kerke, predikers en teoloë aangeneem en geleer word.

Hoofstroom "christendom" leer vandag dat daar nie langer van christene vereis word om die sewende dag sabbat te hou nie. Hulle lê Heb. 4:9 verkeerdelik uit om te beteken dat Christus hulle "rus" (of, soos sommige sê, "'n bevryding") van gebodsonderhouding, gegee het. Hierdie valse aanspraak hou verband met die uitgangspunt dat Jesus "die wet vervul het", *vir of namens* hulle. Gevolglik, so word mense dan geleer, het die Christen "geestelike rus" van sonde binnegegaan en is Jesus self nou hulle "geestelike sabbat", want Jesus het dan nou sogenaamd die Sabbat namens hulle gehou.

So 'n absurde redenasie is geheel-en-al strydig met die Woord van God. Jesus het self gesê dat hy nie gekom het om die wette en gebooe van God af te skaf of "daarmee weg te doen nie". (Matt. 5:17-18). Ook het hy geen gebod vervul ten einde Christene van hulle verpligting om God se wette te onderhou, te bevry nie. Hy het, trouens, aan ons die perfekte voorbeeld gestel om ons van die pleging van sonde te "bevry", synde die oortreding van die wet (1 Pet. 2:21-22; 1 Joh. 3:4). Jesus het nie gekom om die gebooe *namens* ons te hou nie. Jare nadat hy sy bediening begin het, het die apostel Paulus gesê dat hy steeds *ywerig* vir die wette van God is. (Hand. 22:3) – wat sekerlik die sabbatsgebod ingesluit het.

As ons die volle betekenis van die Griekse teks van Heb. 4:9 verstaan en indrink, bestaan daar geen twyfel dat die Nuwe Testament die gesag van die vierde gebod handhaaf nie. Die Griekse woord wat hier vir "sabbatsrus" of "rest" (King James version), gebruik word, is *sabbatismos*, wat "sabbatrus, sabbatonderhouding" beteken. (Arndt & Gingrich, *A Greek-English Lexicon of the New Testament*).

Hierdie beskrywing word bevestig deur ander historiese werke: "The words 'sabbath rest' are from the [Greek] noun *sabbatismos* [which is] a unique word in the New Testament. This term appears also in Plutarch (*superset.3 [moralia 166a]*). For Sabbath observance, and in four post-canonical Christian writings which are not dependant on Heb. 4:9". (*The Anchor Bible Dictionary, Vol. 5, p856*). Hier vind ons historiese bewys daarvan dat ware Christene voortgegaan het om die sewende dag sabbat te onderhou, lank nádat Konstantyn in 325 n.C. Sondag tot die christelike "dag van aanbidding" verklaar het.

Waar *sabatismos* 'n naamwoord is, is die werkwoordvorm van die woord *sabbatizo*, wat "om die sabbat te hou" beteken. (*A Greek-English Lexicon of the New Testament*).

Die definisie van *sabbatizo* word bevestig deur die gebruik daarvan in die Septuagint, 'n Griekse vertaling van die Ou Testament wat uit die derde eeu voor Christus dateer. Jode het die Septuagint in sinagoges regdeur die Romeinse Ryk gebruik; Griekssprekende Jode en nie-Joodse bekeerlinge tot die Christendom het hierdie vertaling regdeur die vroeë Nuwe Testamentiese tydperk gebruik. Dit is waarom die apostel Paulus uitgebreid uit die Septuagint aanhaal in sy sendbriewe aan die Hebreërs, wat na al die ware kerke van God gestuur is - Jood en nie-Jood.

Toe Paulus die woord *sabatismos* in Heb. 4:9 gebruik het, het hy dit gedoen wetende dat die betekenis daarvan goed bekend was onder die Griekssprekende gelowiges van sy dag. Per slot van sake, die werkwoordvorm (*sabatizo*) word uitgebreid gebruik in die Septuagint – wat, as 'n vertaling, net so bekend aan Griekssprekende Jode en nie-Jode van die vroeë kerk was as wat die King James vandag onder Engelssprekende Christene is.

So byvoorbeeld bevestig die gebruik van die werkwoord *sabatizo* in Levitikus 23:32, in die Septuagint, die betekenis daarvan. *The Greek English Lexicon of the Septuagint* definieer *sabatizo* as "to keep [a] Sabbath, to rest" (Lust, Eynikel, Hauspie). Die Engelse vertaling van hierdie vers in die Septuagint lees soos volg: "It [the Day of Atonement] shall be a holy sabbath [letterlik, 'n Sabbat van Sabatte] to you; and ye shall humble your souls, from the ninth day of the month: from evening to evening shall ye keep your sabbaths" (*The Septuagint With the Apocrypha*, Brenton).

Die frase, "shall ye keep your sabbaths" word vertaal vanuit die Griekse *sabbatieite ta sabbata* – wat letterlik beteken, "moet julle die Sabatte **sabbatiseer**". Die vorm van die Griekse werkwoord *sabatizo* is die tweede persoon, meervoud, *sabbatieite*, wat beteken, "julle sal **almal** hou" – betekenend, *elkeen* moet die Sabbat hou. Regdeur die hele Septuagint word die werkwoord *sabatizo* nêrens gebruik buiten met betrekking tot sabbatsonderhouding nie. Alhoewel die vertalers van die Engelse King James hierdie definisie inderdaad verstaan het en die woord *sabbatieite* vertaal het as "shall ye celebrate your Sabbath", het hulle doelbewus nie *sabatismos* in Heb. 4:9 op soortgelyke wyse vertaal nie. Die rede hiervoor was [en is steeds] hulle sabbatsonderhouding vooroordeel in navolging van die leiding gegee deur die Rooms Katolieke Kerk (sien die artikel *Rome's Challenge to the Protestants*, [www.cbcb.org](http://www.cbcb.org)).

Daar is geen twyfel nie, en niemand ontken, dat die Griekse werkwoord *sabatizo* in Levitikus 23:32 spesifiek na sabbatsonderhouding verwys nie. Hierdie betekenis vind net so toepassing op die naamwoordvorm *sabatismos* soos deur Paulus gebruik word. Derhalwe bevestig die deurlopende gebruik van *sabatizo* in die septuagint en die gebruik van *sabatismos* in Heb. 4:9, dat Paulus die onderhouding van die sewende dag sabbat vir alle ware Christene, gehandhaaf het.

Die gebruik van *sabatismos* in Heb. 4:9 is direk in stryd met enige valse lering dat die vierde gebod afgeskaf is. Soos wat die konteks van Heb. 4 demonstreer, is die onderhouding van die sewende dag sabbat as 'n dag van rus en aanbidding net so letterlik bindend vir die volk van God, vandag, soos wat dit was vanaf die tyd van die skepping of in die dae van koning Dawid of vir die Israel van ouds.

Dit word derhalwe duidelik dat Heb. 4:9 nie gesag is vir die stelling dat Christene die een of ander soort "geestelike rus" binnegegaan het wat hulle nou vrystel van hulle verpligting om die sabbat en ook die ander gebooue van God te onderhou nie. Inteendeel,

moet hierdie vers as *opdraggewend* van aard – dat Christene inderdaad opdrag het om die sabbatdag te hou – opgeneem word. Gevolglik – en in ooreenstemming met die oorspronklike Grieks – behoort hierdie vers soos volg vertaal te word: "Daar bly dus Sabbatsonderhouding oor vir die volk van God", Jood asook nie-Jood.

Die ware betekenis van Heb. 4:9 is lynreg in stryd met die valse wanvertolking van Ortodokse Christendom. Paulus verklaar hier, uitdruklik, dat Sabbatsonderhouding – en dit sluit die jaarlikse heilige dag Sabbatte in – vereis word vir ware Christene. Hy is nie hier besig om die weeklikse Sabbat of die jaarlikse Sabbatte van God "weg te vergeestelik" of af te skaf nie.

### **Die Ware Betekenis van Galasiërs 4: 8-10 – Het die Apostel Paulus die Sabbat en die Heilige Dae Afgeskaf?**

Ortodokse Christendom se siening van God se weeklikse Sabbat, jaarlikse feeste en heilige dae is een van minagting, verwerping en haat. In hulle strydlustige vasberadenheid om hulle "verchristende" heidense Sondag en okkultiese vakansiedag-aanbidding te behou, het godsdienstige leiers, teoloë en hulle volgelingen blindelings en doelbewus dit wat die apostel Paulus geskryf het, gemisinterpreteer ten einde hulle eie agendas te pas, eerder as om die "Waarheid van God se Woord" te soek. Hierdie doelbewuste misleidende interpretasies is ontwerp om die indruk te skep dat Paulus die nie-Joodse Christene geleer het om die Bybelse Sabbat en heilige dae van God te laat vaar – om enigiets "Joods" te verwerp. Vir sulke godsdienstige leiers en teoloë beteken "Joods" die *hele* Ou Testament, deur hulle gesien as die beliggaming van Judaïsme en volgens hulle denkwysse moet die Ou Testament laat vaar of verwerp word asof dit in geheel vervul of afgeskaf is. Die resultaat hiervan is dat miljoene belydende "christene" aanneem dat Paulus in Galasiërs 4: 8-10 enige onderhouding van God se Sabbat en heilige dae as "kettery" veroordeel!

Daar bestaan geen twyfel nie dat Paulus beide Jode en nie-Jode geleer het om die weeklikse Sabbat te onderhou, soos gestaaf deur die korrekte vertaling van Heb.4:9: "Daar bly dus Sabbatsonderhouding oor vir die volk van God". Verdermeer, as ons na Paulus se bediening van die nie-Jode kyk, vind ons dat hy hulle op die Sabbatdag en nie op Sondag nie, geleer het. Aan die begin van sy eerste sendingreis het Paulus en Barnabas op die Sabbatdag in 'n sinagoge in Antiochië, in Pisidië, Klein-Asië, aan Jode en nie-Joodse proseliete begin preek. Nadat hy die evangelie van Jesus Christus, Sy opstanding en die vergifnis van sondes, gepredik het, het Paulus die aanhoorders gewaarsku om nie die woorde van God te verwerp nie. "Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word in alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit ertel nie. En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende Sabbat tot hulle gesprek sou word. En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige [nie-Joodse] Jodegenote Paulus en Barnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. En op

die volgende Sabbat het byna die hele stad saamgekom om die Woord van God te hoor." (Hand.13: 38-44).

Uit voormelde kom ons `n paar fundamentele waarhede aangaande Paulus se lering van die evangelie van Jesus Christus, te wete.

- 1) As dit Paulus se doel was om die nie-Jode te leer dat dit nie langer nodig sou wees om die wette en gebooie van God te hou nie – in besonder die Sabbat en heilige dae – waarom het hy hulle nie net eenvoudig aangemoedig om sommer die volgende dag, Sondag, weer te vergader nie? Intendeel, hulle het weer op die volgende Sabbat vergader om na Paulus en Barnabas se prediking van die wonderlike woorde van God te luister.
- 2) Paulus het aan hulle gesê om "in die genade van God te bly", wat nie `n repudiasie van God se wette en gebooie daarstel nie. Genade is die werking van God om sonde te vergewe en om iemand in regte verhouding – geregverdig – deur die bloed van Jesus Christus van **gedane** sondes te plaas. Aan die ander kant, sonde is die oortreding van die wet (1 Joh. 3:4). Eens vergewe en geregverdig, moet mens ophou om in sonde te lewe. (Joh. 5:14; 8:11; Rom. 6:1).
- 3) Geloof in Jesus Christus en vergifnis van sonde maak nie die wet tot niet nie. Paulus het aan die Romeine, `n nie-Joodse kerk, geskrywe: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Intendeel, ons bevestig die wet". (Rom. 3:31; Sien ook Matt. 5:17). Dit word bereik soos wat die wette en gebooie van God in die hart en op die verstand van ware christene geskrywe word. (Heb. 10:16-17). Paulus het ook geleer, "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?". (Rom. 6:1-2).
- 4) Hierdie skrifgedeelte is die perfekte voorbeeld van hoe sabbats-onderhouding en die genade van God hand-aan-hand gaan. Hulle staan nie in opposisie teenoor mekaar nie. Die nie-Jode het in die genade van God gebly en op die volgende Sabbat bymekaargekom.

**Die Evangelie van Paulus en Galasiërs:** Die evangelie van Jesus Christus wat Paulus aan die Galasiërs geleer het, het die onderhouding van die wette en gebooie van God ingesluit. In navolging van Jesus se voorbeeld en leringe, het Paulus nooit die godsdienste of wette en gebooie van mense – Joods of nie-Joods – goedgekeur of onderskryf nie. (Mark: 7:1-13; Hand. 17:22-31). Ook het hy nie `n wettelose genade gepredik nie. Trouens, hy het geleer dat *almal* hulle eie weë moes verlaat, hulle sondes moes bely en hulle daarvan bekeer en die wette en gebooie van God onderhou en, verder Hom in gees en in waarheid moet aanbid. (Hand. 17:30; Rom. 7:6; Joh. 4:23-24).

In sy stryd teen diegene wat `n ander evangelie verkondig het, het Paulus in die aanhef tot sy sendbrief aan die Galasiërs, verklaar dat hy die ware evangelie van Jesus Christus verkondig – dieselfde evangelie wat Jesus Christus geleer het! Juis as gevolg

van sulke vals leraars het Paulus uitdruklik geskryf, "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van Hom wat julle tot die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel in die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! Soek ek dan na die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie. Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus". (Gal. 1:6-12). As Paulus 'n evangelie verkondig het, soos verdraai deur teoloë, van die verlede en van die hede, sou hy inderdaad 'n *ander* evangelie verkondig het.

In werklikheid is die boek van Galasiërs een van die mees universeel wanvertolkte en misverstaande boeke van die Nuwe Testament. Alhoewel dit buite die omvang van hierdie artikel val om 'n volledige kommentaar op Paulus se sendbrief aan die Galasiërs te lewer, is daar vier dringende probleme in Galasiërs 2 en 3 wat aangespreek moet word:

**Eerstens**, het die Jode spesifieke besnydenisvereistes – voor die opkoms van die christendom – op nie-Joodse proseliete van toepassing gemaak, ten einde vir hulle om 'n sinagoge by te kon woon. Jesus het egter openbaar dat *ware* besnydenis geestelik is en bewerkstellig word deur bekering en die ontvangs van die Heilige Gees. Die besnydenis "van die hart" het die vereiste van fisiese besnyding vervang (Hand.15; Rom. 2:25-29). Daarom was die fisiese besnydenis nie langer 'n vereiste wat afgedwing moes word op nie-Joodse bekeerlinge tot die christendom nie.

**Tweedens**, het Paulus se vermaning van Petrus, Barnabas en die ander van "die besnydenis" wat van Jerusalem af gekom het, gegaan oor die *tradisionele* wette van Judaïsme wat Jode verbied het om in die geselskap van nie-Jode te verkeer en ook om saam met nie-Jode te eet. Hierdie voorval was nie 'n vraag met betrekking tot God se wette en gebooie nie want die Ou Testament leer nêrens sodanige skeiding van Jode en nie-Jode nie. [Dit was derhalwe 'n wet van Judaïsme en nie van die Bybel nie, wat hier ter sprake was].

**Derdens** – met verwysing na "die wet" in Galasiërs 3 – het Paulus God se verbond met Abraham en Nuwe Verbondsregverdiging deur geloof as gevolg van genade, vergelyk *met* die "werke van wet" wat onder Judaïsme en die tempelrituele daarvan, vereis word.

**Vierdens**, verstaan die meeste protestante Galasiërs 3:13 heeltemal verkeerd: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word [om ons van sondes te red] – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang". Hulle *mislees* dit om te beteken: "**Christus het ons losgekoop van die wet wat 'n vloek is**". Om dit so te lees, is heeltemal absurd en geheel-en-al verkeerd want DIE WET VAN GOD IS NIE 'N VLOEK NIE!

Sonder 'n deeglike onderleg in die Skrif – Ou en Nuwe Testament – die ware wette en gebooie van God, 'n kennis van die mondelinge oorleweringe van Judaïsme, God se verbond met Abraham, God se verbond met Israel, en, laastens, die Nuwe

Verbond van die Nuwe Testament, is dit nie doenlik om Paulus se sendbrief aan die Galasiërs behoortlik uit te lê nie. Dit is waarom dit ongetwyfeld die moeilikste boek van die Nuwe Testament is om te begryp.

Soos ons gesien het, is die waarheid egter dat die wet van God volmaak is – nie `n vloek nie! *Sonde* is `n vloek! Gehoorsaamheid aan die wette en gebooie van God het seëninge tot gevolg! (Deut. 28:1-14; Lev. 26:1-13). Sonde – die oortreding van die wet (1 Joh. 3:4) het vloekte *tot gevolg*. (Deut. 28:15-68; Lev. 26:13-45).

Hoe kan `n wet wat volmaak en regverdig is – gegee deur `n volmaakte, regverdige God - `n vloek wees? `n Logiese punt om te oorweeg, sal dan tog wees dat *as* die wet `n vloek is, en die wet afgeskaf is, dit sou beteken dat God Self `n vloek is en Homself afgeskaf het. Maar dit is uiteraard nie die geval nie want God is liefde, Wetgewer en Onderhouer, en Jesus Christus onderhou die gehele heelal deur *wet* – deur die woord van Sy krag. (Heb. 1:1-3). Trouens, sulke godsdienstige interpretasies en fantasieë het `n wettelose genade geskep waarvan die evangeliese christendom vandag deurspek is.

Let vervolgens daarop dat God Abraham se getroue gehoorsaamheid geloof het toe hy die verbondsbeloftes na Izak toe oorgedra het: "En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; **omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het**". (Gen. 26:4-5). Abraham is ook die vader van die Nuwe Testamentiese gelowige: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename". (Gal. 3:29). Dit beteken dat as ons waarlik aan Christus behoort, sal ons die stem van God, Sy ordening, Sy gebooie, Sy insettinge en Sy wette onderhou, net soos wat Abraham gedoen het.

### ***Galasiërs 4:8-10 – Die Agtergrond***

Ten einde die korrekte betekenis van Galasiërs 4:8-10 vas te stel, moet ons eerstens begryp dat die kerke van Galasië hoofsaaklik saamgestel was uit nie-Joodse bekeerlinge wat, as voormalige heidene, Griekse en Asiese gode en godinne gediën het. Hulle was nie Jode nie en het gevolglik nooit vantevore die tradisionele gebruike van Judaïsme of die Ou Testamentiese skrifte gevolg nie.

Verdermeer, moet Galasiërs hoofstuk 4 gesien word binne die algehele konteks van *al* Paulus se leringe in sy veertien sendbriewe. Paulus het ongetwyfeld geleer dat al die nie-Joodse bekeerlinge in elke kerk wat hy gestig het, dieselfde dinge moes onderhou. (1 Kor. 7:17). As ons noukeurig kyk na wat hy geskrywe het, sal dit duidelik word dat Paulus nie die Galasiërs veroordeel het vir hulle onderhouding van die Sabbat en die heilige dae van God nie, soos wat die meeste teoloë en Sondagkerkgangers aanvaar nie.

In Paulus se sendbrief aan die Korintiërs maak hy dit baie duidelik dat die dinge wat hy aan hulle skrywe, die gebooie van die Here is: "Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom? As iemand meen dat hy `n profeet of `n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is. Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly". (1 Kor. 14:36-38).

Wat het Paulus hulle beveel om te onderhou? Was dit Sondag en ander heidense, okkultiese vakansiedae – of was dit die Sabbat en God se Pasga en feeste?

Dit is diepgaande belangrik want wat Paulus geskryf het, was "bevele van die Here" vir die Nuwe Testamentiese kerk – Jode en nie-Jode. Terwyl hy hulle sondes veroordeel het, het hy die Korinthiërs – en dus die hele kerk – opdrag gegee om die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode in die regte gees en gesindheid te onderhou: "Julle roem [in sonde] is nie mooi nie: Weet julle nie dat `n bietjie suurdeeg [tiperend van sonde] die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg [die ou sondige weë] uit, sodat julle `n nuwe deeg [waarlik bekeerd in Christus] kan wees – sodat julle inderdaad ongesuurd is [in julle huise] – want ook ons Paaslam [Pasga] is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." (1 Kor. 5:6-8).

Die kerk in Korinthe was ook hoofsaaklik uit nie-Jode saamgestel. Paulus sou hulle nooit beveel het om die Pasga en Ongesuurde Brode te hou en in dieselfde asem die kerke van Galasië veroordeel vir hulle onderhouding van God se Sabbat en Feeste nie! Dit sal uiteraard as skynheiligheid uitgemaak kon word en verwarring skep. God is nie skynheilig nie en Hy is ook nie `n God van wanorde nie. (1 Kor. 14:33).

Diegene wat die valse veronderstelling aanvaar, naamlik dat Paulus *teen* die Sabbat en heilige dae van God gepredik het – en dat hy in stede daarvan die kerke geleer het om verkerstende heidense Sondag en okkultiese vakansiedae in die plek daarvan te vier – versuim om te begryp dat, voordat enige iemand onder die Galasiëse nie-Jode tot bekering gekom het, hulle heidense gode aanbid het en okkultiese vakansiedae gehou het ("dae, maande, tye en jare"). Nietemin, nadat hulle tot bekering gekom het, het hulle hulle van hulle sondes bekeer en hulle heidense, okkultiese geloofspraktyke versaak. (Hand. 19:8-27).

God se veroordeling van alle heidense okkultiese praktyke loop soos `n goue draad regdeur die hele Skrif. Let maar net op God se waarskuwings in Deuteronomium: "Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat Ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders na jou goed kan gaan tot in ewigheid, as jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE, jou God. As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan, om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor julle uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: "Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE `n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat Ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie." (Deut. 12:28-32).

God het die kinders van Israel ook beveel om nie demoniese, okkultiese praktyke te boefen of om heidense godsdienstige tye of seisoene te onderhou nie: "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat `n gees van `n afgestorwene vra of `n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE `n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil, verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Oprek moet jy wees met die HERE jou God. Want



hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so-iets toegelaat nie". (Deut. 18:9-14). Aangesien Paulus alles geglo het wat in die wet en die profete geskrywe staan, kan ons seker wees dat hy die Galasiërs nooit sou toegelaat het om sulke heidense tradisies en vakansiedae te onderhou nie.

### ***Galasiërs 4:8-10 Korrek Verduidelik***

Interessant genoeg is die kwessie van Sabbat- en Heilige Dagonderhouding nie die werklike onderwerp van Galasiërs 4 nie. Na hulle bekering, het die Gees van God die Galasiërs gelei om God in gees en in waarheid te aanbid – wat die onderhouding van die Sabbat en die heilige dae ingesluit het. Paulus het geskrywe dat hulle nou die kinders van God geword het: "En omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus" (Gal. 4:6-7).

Later het Paulus hulle herinner aan hulle heidense verlede en hulle voormalige okkultiese aanbidding van demone. Let op die vergelyking: "Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie [die heidense gode en demone]" (Vers 8). Hulle voormalige heidense aanbidding het niks te make gehad met die Bybelse Sabbat en Heilige Dae nie – of enige ander gebod of wet van God nie!

Paulus vermaan hulle streng dat hulle in ernstige geestelike gevaar verkeer, want, in plaas van God te gehoorsaam, was hulle besig om terug te keer na hulle voormalige heidense weë en besig om hulle voormalige heidense praktyke te vermeng met hul nuut geleerde Christelike lewenswyse. Deur dit te doen, was hulle besig om hulle rug op God die Vader en Jesus Christus te draai. Paulus ruk hulle sterk in die bek: "Maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van vooraf aan wil dien? Julle neem dae en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het" (Vers 9-11). Dit is ongetwyfeld duidelik dat die probleem *nie* was dat die Galasiërs besig was om Sondag en vakansiedagonderhouding te verlaat en terug te keer na die onderhouding van die Sabbat en die heilige dae nie, soos wat ortodokse teoloë en predikers voorgee nie. In werklikheid was presies die teenoorgestelde besig om te gebeur, soos ons ook uit die hiernavolgende analise duidelik sal sien.

### ***’n Analise van Wat Paulus in Galasiërs 4:8-10 Geskryf Het***

- 1) Paulus praat hier van ’n tyd *voordat* die Galasiërs bekeer is: "Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie [die heidense gode en demone]" (Vers 8). Voordat hulle bekeer is, het hulle niks van die ware God geweet nie – die Vader en Jesus Christus. Daarom kan ons tot die gevolgtrekking kom dat, voordat hulle bekeer is, hulle nie God se Sabatte, feeste en heilige dae gehou het nie – **eers nadat hulle tot bekering gekom het**.
- 2) Vervolgens praat Paulus dan van hulle bekering en die feit dat hulle nou tot die kennis van God gekom het: "... nou dat julle God ken, of liever deur

God geken is ..." (Vers 9). Nadat hulle tot bekering gekom het, het Paulus hulle God se lewenswyse, in die genade van God, geleer welke die onderhouding van die Sabbat, feeste en heilige dae ingesluit het. Paulus het die onderhouding van God se Sabatte in *al* die kerke geleer.

- 3) Later – omdat hulle begin het om 'n valse evangelie te aanvaar – het die Galasiërs begin om die ware Christus en die ware evangelie te verlaat en was hulle besig om terug te keer na hulle voormalige heidense geloofspraktyke en demoonaanbidding: "Hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedigste eerste beginsels [demoniese geeste van heidense godsdiens] ..." (Vers 9).
- 4) Deur dit te doen, was hulle besig om weer in geestelike gevangenskap van valse, heidense gode en die daarmee gepaardgaande godsdienstige dae van aanbidding te verval: "...wat julle weer van voor af aan wil dien [vir satan die duiwel, soos in die verlede]?" (Vers 9).
- 5) Paulus stel dit dat, eerder as om die leringe van Jesus Christus te volg, dit wat hulle besig was om te doen, uit hulle eie keuse en besluit was: "Julle neem [die Griekse werkwoord hier *paratereithe*, dui daarop dat hulle uit *eie* beweging besig was om sekere besluite te neem] ...". Hulle was derhalwe nie hiertoe gebring deur enigiets wat Paulus hulle geleer het nie.
- 6) Waarheen was hulle besig om terug te keer? Hulle was besig om *terug* te keer na die waarneming van "dae, en maande en tye en jare" (Vers 10). Weereens, voor hulle bekering, het hulle *niks* van God, Jesus Christus of die Christendom geweet nie – of van die wette en gebooie van God nie. Daarom is dit nie moontlik dat hierdie frases sou beteken dat hulle terugkeer na die waarneming van God se Sabatte, feeste en heilige dae nie – of selfs, dat hulle besig was om tradisionele Judaïsme na te volg nie. Die frase kan **slegs verwys na heidense dae, maande, tye en jare**, wat hulle vantevore, voordat hulle bekeer is, gehou het.

Let sorgvuldig daarop dat Paulus hoegenaamd nie die woorde sabbat, feeste of heilige dae gebruik het in sy beskrywing van hoe die Galasiërs besig was om terug te keer na hulle vorige weë nie. As Paulus werklik besig was om aangaande die Sabbat, feeste of heilige dae van God te skrywe, sou hy *daardie terme* gebruik het in plaas van "dae, maande, tye en jare". Derhalwe is daar werklik geen twyfel dat sulke "dae, maande, tye en jare" na heidense tye van aanbidding kan verwys nie, nie na Bybelsverordeneerde en beveelde dae van aanbidding nie.

Dit is waarom Paulus sy vermaning aan die Galasiërs dan afeindig met die waarskuwing: "Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het." (Gal. 4:11).

Soos ons gesien het, is Ortodokse Christendom se uitleg en verduideliking van hierdie moeilike skrifgedeelte heeltemal verkeerd. Hulle uitleg is gebaseer op die vooroordeel en vyandige gesindheid jeens die Sabbat, feeste en heilige dae van God.

Ortodokse Christendom verwerp die waarheid van God sodat hulle kan voortgaan in hulle onderhouding van (verchristende of verkerstende) Sondag en die verskeie okkultiese vakansiedae van hierdie wêreld.

### ***Romeine 14 Vers 1-6 – Om "Een Dag Bo `n Ander te Ag"***

Romeine 14:5-6 is `n verdere tipiese voorbeeld van `n skrifgedeelte wat deur hoofstroom Christendom aangehaal word as synde te beteken óf dat die onderhouding van Sondag daardeur geregverdig word, óf, dat géén dag meer afgesonder is as Sabbatdag nie. "Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God" (Rom. 14:5-6).

Wat is die konteks van die hele skrifstuk waarvan hierdie twee verse deel vorm?

Waaroor gaan dit hier? Gaan dit hier inderdaad oor `n spesifieke dag of dae van aanbidding wat deur die een afgesonder word tot eer van God maar nie deur `n ander nie? Waaroor gaan die verwysing na wat die een eet en wat die ander een nie eet nie en die gevolglike oor-en-weer veroordeling van mekaar?

Inderwaarheid gaan dit hier hoegenaamd nie oor die Sabbatdag of enige ander dag van God en die onderhouding daarvan nie. Die hele skrifstuk vanaf vers 1 tot aan die einde van vers 6 lui soos volg: "En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie. Die een glo dat `n mens alles wat geoorloof is mag eet, maar hy wat swak is, eet groente. Hy wat vleis eet, moet hom wat nie vleis eet nie, nie verag nie; en hy wat nie vleis eet nie, moet hom wat vleis eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem. Wie is jy wat die huiskneg van `n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou. Die een ag die een dag bo die ander om vleis te eet, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag met betrekking tot eet waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem met eet nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie vleis eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie vleis eet nie, eet nie vleis nie tot eer van die Here, en hy dank God."

Die kwessies wat Paulus hier aanspreek, is tweërlei van aard. Eerstens, die gewoonte wat daar onder sommige van die gelowiges in Rome, (en ook onder ander gelowiges in van die gemeentes van God in ander dele van Klein Asië), bestaan het om hoegenaamd nie vleis te eet nie. Hulle was derhalwe vegetariërs wat slegs groente geëet het. Sien die laaste gedeelte van vers 2. Paulus vermaan dan hier die gelowiges wat wel vleis eet, om nie die vegetariërs onder die broeders te veroordeel omdat hulle nie vleis eet nie. In dieselfde asem spreek hy ook die vegetariërs onder die broeders aan om diegene wat wel vleis eet, nie te veroordeel nie. Die tweede kwessie is soortgelyk hieraan en handel met `n ander gewoonte, naamlik onder die broeders wat wel vleis eet, maar wat hulle daarvan weerhou om op sekere dae van die week vleis te eet. Weereens vermaan Paulus hier beide kante. Hy sê aan diegene wat hulle daarvan weerhou om op sekere dae nie vleis te eet nie, om nie diegene wat op enige dag vleis eet, te veroordeel nie en, aan

laasgenoemde mense om nie diegene wat hulle daarvan weerhou om op sekere dae vleis te eet, te veroordeel nie.

Let ook daarop dat hierdie skrifgedeeltes geen regverdiging bied vir die argument dat gelowiges *alles* mag eet nie – met ander woorde dat daar weggedoen is met God se voorskrifte met betrekking tot rein en onrein voedsel nie. Die eerste kwessie handel suiwer met die eet van vleis *versus* die totale weerhouding van die eet van vleis. (God het baie duidelike voorskrifte in die Ou Testament gegee met betrekking tot watter vleis, hetsy van soogdiere, voëls of visse, die mens moet eet, met ander woorde watter vleis rein en derhalwe goed is en watter vleis onrein en derhalwe sleg vir die mens is).

Ongelukkig word hierdie verse en in besonder dan verse 5 en 6, alreeds vir honderde jare gebruik as 'n regverdiging vir die tradisionele Sondagonderhouding en die verwerping van die Sabbat en heilige dae van God. Protestantisme roem daarop dat hierdie verse gesag verleen vir hulle onderhouding van Sondag.

Om die feit dat die probleem wat Paulus hier aangespreek het, handel met vegetariërs *versus* diegene wat vleis eet, verder te substansieer, het Paulus verder verduidelik: "Maar as jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Christus gesterf het nie .... want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by die mense geag ... Moenie ter wille van voedsel die werk van God afbreek nie. Alles [wat geoorloof is] is wel rein, maar dit is verkeerd vir 'n mens om te eet as dit tot aanstoot is. Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie. Het jy geloof? Hou dit vir jouself voor die aangesig van God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy geoorloof ag nie" (Verse 15, 17-18, 20-22).

**Romeine 14 Vers 1-6 Opgedeel in 'n A en B patroon:** Paulus het hierdie verse in 'n "A en B" patroon geskryf. Wanneer ontleed, blyk dit uit hierdie patroon, dat Paulus nie aan die gelowiges permissie gegee het om op voorbarige wyse enige dag van die week as 'n heilige dag van aanbidding uit te kies nie. Dit is slegs God se prerogatief – nie die mens s'n nie. Paulus skryf hier, baie duidelik, oor diegene wat vleis eet en diegene wat vegetariërs is.

- A. "En neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie. Die een glo dat 'n mens alles mag eet [wat geoorloof is];
- B. Maar hy wat swak is, eet groente.
  
- A. Hy wat [vleis] eet, moet hom wat nie [vleis] eet, nie verag nie.
- B. En hy wat nie [vleis] eet, moet hom wat [vleis] eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem.

Wie is jy wat die huiskneg van 'n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou.

- A. Die een ag die een dag bo die ander [om vleis te eet];
- B. Die ander ag al die dae gelyk.

Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.

- A. Hy wat die dag waarneem [wat betref sy etery] neem dit waar tot eer van die Here;
- B. En hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here [met ander woorde, met verwysing na die Here nie, dit is as geloofsoortuiging nie].

- A. En wie [vleis] eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God;
- B. En wie nie [vleis] eet nie, eet nie [weerhou homself] tot eer van die Here, en hy dank God" (Rom. 14:1-6).

Daar is nie een enkele woord in hierdie verse wat gebruik kan word om Sondag-onderhouding, of enige ander dag, as 'n dag van aanbidding, te regverdig nie. Reg deur die Bybel beveel en onderhou God die sewende dag Sabbat as die weeklikse dag van aanbidding en Sy heilige dae as die jaarlikse dae van aanbidding. Eenvoudig gestel, handel hierdie skrifstuk oor die probleme tussen die vegetariërs en die vleiseters – en die dag waarop sommige vleiseters verkies het om vleis te eet, of anders gestel, hulle daarvan weerhou het om vleis te eet.

### **Kolossense Twee: Was die Tien Gebooe Regtig aan die Kruis Vasgespyker toe Jesus Gekruisig is?**

'n Verdere voorbeeld van die wanvertolking van Paulus se skrifstukke word in Kol. 2:14, 16-17, gevind en spruit voort uit 'n uiters swak vertaling van die Griekse teks. Ongelukkig het hierdie spesifieke wanvertolking miljoene gelei om te glo dat al die wette en gebooe van God aan die kruis vasgespyker is toe Jesus gekruisig is. Net soos in die geval van Galasiërs 4 sal ons sien dat die Protestante se valse interpretasie lynreg in stryd, presies teenoorgesteld is, met wat Paulus werklik geskrywe en bedoel het.

Kom ons begin deur te kyk na vers 14. Hier is vers 14 soos geneem uit die drie bestaande Afrikaanse vertalings:

#### **1933 / 2<sup>de</sup> (hersiene) uitgawe 1954**

Kol. 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.

#### **1983 (Nuwe Vertaling)**

Kol. 2:14 Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

## Nuwe Lewende Vertaling – 2006

Kol. 2:14 Hy het die dokument met voorskrifte wat as klagstaat teen ons gedien het, uitgegee en dit van ons af weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker.

Hier volg vers 14 in die oorspronklike Grieks, soos geneem uit die Bisantynse teks, met die letterlike vertaling, in Afrikaans, in hakies daarna: Kol 2:14: εξαλειψας {het uitgewis} το {die} καθ {teen} ημων {ons} χειρογραφον {handskrif} τοις {in die} δογμασιν {dekrete} ο {wat} ην {was} υπεναντιον {vyandig} ημιν {teenoor ons} και {ook} αυτο {dit} ηρκεν {hy het geneem} εκ {vanuit} του {die} μεσου {midde} προσηλωσας {het vasgespyker} αυτο {dit} τω {aan die} σταυρω {kruis}

Let eerstens op in hoe `n mate die drie vertalings van mekaar verskil. Voortspruitend uit hierdie onduidelike vertalings, neem mense aan dat die woord "skuldbrief/skuldbewys/dokument met voorskrifte", soos wat dit in die drie aangehale vertalings verskyn, verwys na die wette en gebooie van God. Derhalwe neem hulle foutiewelik aan, en kom tot die gevolgtrekking, dat die Tien Gebooie aan die kruis vasgespyker is.

"Skuldbrief/skuldbewys/dokument met voorskrifte", word vertaal uit die Griekse *geiroghrafon tois dogmasin* wat letterlik, soos u hierbo kan sien, beteken "handskrif in die dekrete" of "dogmas". In die Nuwe Testament verwys die woord *dogma* altyd na die "dekrete" deur mense geskryf. Sien voorbeelde hiervan in Lukas 2:1; Hand. 16:4; 17:7 en Ef. 2:15. Nêrens in die ganse Bybel verwys die Griekse woord *dogma* na enige deel van die Wet van God nie. Daarom verwys die woord "skuldbrief/skuldbewys/dokument met voorskrifte" nie na Bybelse Wet nie.

Maar wat beteken "handskrif in die dekrete" dan? Soos ons sal sien, verwys dit na `n skriftelike opgawe van mens se sondes, genoem "n skuldbewys". In sy epiëse boek *The Two Babylons* skryf Alexander Hislop aangaande die heidense, Griekse godsdienstige praktyk, wat die bekeerlinge in Kolosse ongetwyfeld vantevore beoefen het, (hierdie praktyk was ook in swang in antieke Sjinese godsdienste): "A work of some note on morals, called *Merits and Demerits Examined* [beskryf hoe] a man is directed to keep a [geskrewe] debtor and creditor account with himself of the acts of each day, and at the end of the year is to wind it up [ter opsomming]. If the balance is in his favour, it serves as the foundation of a stock of merits for the ensuing year; and if against him, it must be liquidated by future good deeds [regverdiging deur werke]. Various lists and comparative tables are given of both good and bad actions in the several relations of life; and benevolence is strongly inculcated in regard first to man, and, secondly, to the brute creation. To cause another's death is reckoned at 100 on the side of demerit; while a single act of charitable relief counts as one on the other side" (Bl 147).

Dus behoort die frase in Kol. 2:14 vertaal te word as "skuldbewys teen ons met die verordeninge/besluite/uitvaardigings/raadsbesluite *van ons sondes*" – of dan `n simboliese lys van ons sondes teen God. Met ander woorde, dit is ons sondes en die *skuld* van ons sondes wat aan die kruis vasgespyker is toe Jesus Christus gekruisig is en gesterf het. Met waargtige belyding van sondes aan God die Vader, vee Jesus Christus die "skuldbewys" uit deur ons sondes te vergewe. Jesus Christus wat nooit gesondig het nie, was sonde gemaak vir ons. Hy is aan die kruis vasgespyker as sonde-offer vir die sondes van die hele wêreld. **Die "skuldbewys" van ons sondes was simbolies aan die kruis vasgespyker, NIE die gebooie van God nie, welke vir ewig vas staan.**

As vers 13 dan saam met die korrekte vertaling van vers 14 gelees word, word die ware bedoeling van wat Paulus geskryf het, duidelik: "Want julle, wat eens dood was in julle sondes en in die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy nou lewendig gemaak met Hom, deur al julle oortredinge te vergewe. Hy het **die skuldbewys teen ons met die verordeninge van ons sondes**, wat teen ons gestaan het, uitgevee; en Hy het dit weggeneem, deur dit aan die kruis vas te "spyker".

Derhalwe het die werklike betekenis van hierdie verse niks te make met die vasspyker van die Wet aan die kruis nie, soos valslik verkondig en geglo deur miljoene belydende Christene nie.

**Die Ware Betekenis van Kolossense 2:16–17:** Meer as enige ander skrifgedeelte in die Nuwe Testament, het die foutiewe verwringing of verdraaiing van hierdie twee verse tot gevolg gehad dat protestantisme die onderhouding van die Bybelse Sabbat, heilige dae en die onderskeid tussen rein- en onrein voedsel verwerp. Dit het verder tot gevolg gehad dat beide leraars en leke deur die Nuwe Testament "skarrel" op soek na ander skrifgedeeltes om hierdie wanvertolking te substansieer – wat as resultaat `n menigte van bykomende vals vertolkings en opvattinge wat op die oog af hulle praktyke van Sondag- en okkultiese vakansiedae-onderhouding ondersteun. As mens hierdie verse *oppervlakkig* lees *lyk dit* asof dit hulle vertolking inderdaad ondersteun – maar dit is in werklikheid nie die geval nie.

Soos vantevore, haal ons eerstens hierdie verse aan, soos wat hulle in die drie Afrikaanse vertalings voorkom:

### **1933 / 2<sup>de</sup> (hersiene) uitgawe 1954**

Kol. 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys (1933 – spyse) of in drank of met betrekking tot `n fees of nuwemaan of sabbat nie,

### **1983 (Nuwe Vertaling)**

Kol. 2:16 Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse fees of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie.

### **Nuwe Lewende Vertaling – 2006**

Kol. 2:16 Moet dus nie toelaat dat enigiemand julle veroordeel oor wat julle eet of drink, of oor hoe julle sekere feesdae of die Nuwemaansfees of Sabbatte vier nie.

En hier volg die oorspronklike Grieks met die Afrikaans in hakies:

Kol 2:16: μη {nie} ουν {daarom} τις {enigiemand} υμας {julle} κρινετω {laat oordeel} εν {in} βρωσει {voedsel} η {of} εν {in} ποσει {drank} η {of} εν {in} μερει {bepaalde} εορτης {fees} η {of} νουμηνιας {nuwemaan} η {of} σαββατων {sabbatte}

### **1933 / 2<sup>de</sup> (hersiene) uitgawe 1954**

Kol. 2:17 wat `n skaduwee is van die **toekomstige dinge**; maar die liggaam behoort aan Christus.

## 1983 (Nuwe Vertaling)

Kol. 2:17 Dit is alles maar net die skaduwee van wat **sou kom**; die werklikheid is Christus.

## Nuwe Lewende Vertaling – 2006

Kol. 2:17 Al hierdie dinge is net 'n skaduwee van die Persoon\* wat **sou kom** – Christus! ('n Voetnoot wys daarop dat die grondteks hier *liggaam* lees in stede van "Persoon"). (\* Grondteks – *liggaam*).

Hier volg die oorspronklike Grieks soos dit opgeneem is in die Bisantynse teks met die letterlike Afrikaanse vertaling wat in hakies na elke woord volg:

Kol 2:17: α {wat} εστιν {is} σκια {`n skaduwee} των {van dinge} μελλοντων {nog kom} το {maar} δε {die} σωμα {liggaam} του {van} χριστου {Christus}.

Ter aanvang dien dit vermeld te word dat, alhoewel nie heeltemal korrek nie, vers 16 in al drie die Afrikaanse vertalings plus-minus korrek vertaal is. Vergelyk dit egter met die letterlike vertaling uit die Grieks. Vers 17 is egter by uitstek 'n voorbeeld van wanvertaling en wanvertolking te wyte aan die vooropgestelde idees van vertalers. Sou jy vers 17 in die ou Afrikaanse vertaling en dieselfde vers in die 1983, of Nuwe Vertaling, asook in die sogenaamde Nuwe Lewende Vertaling lees, dan eindig jy op sonder om enige idee te hê van wat die betekenis hiervan is. Dit dien ook die opmerking te maak dat beide die 1983 of *Nuwe Vertaling* asook die sogenaamde *Nuwe Lewende Vertaling, 2006* die korrupte Engelse *New International Version* volg deur opsetlik die tydvorm te verander vanaf die toekomstige na die verlede tyd. Ek verwys u spesifiek in hierdie verband na die oorspronklike Grieks, soos hierbo aangehaal. Verder, wat die sogenaamde *Nuwe Lewende Vertaling* betref, let op die woorde "die persoon" wat hoegenaamd nie in die oorspronklike Grieks verskyn of daardeur geïmpliseer word nie.

Wat laasgemelde opmerking betref, word die misleidende en valse idee dat, aangesien Christus reeds gekom het, die dinge wat "nog kom" reeds vervul is. Op hierdie manier word daar op vasberade wyse vasgeklou aan die wanopvatting dat "die lewe, dood en opstanding van Christus die wette en geboorte van God tot 'n einde gebring het".

Die Griekse voorsetsel, *toon mellontoon* is in die teenwoordige tyd, aktiewe meervoudsvorm, wat dit onmoontlik maak om dit as 'n reeds gedane gebeurtenis, of in die verlede tyd, te vertaal. Hierdie is 'n voorbeeld van opsetlike wanvertaling. Daar is geen verskoning daarvoor nie. 'n Eerlike vertaling kan slegs in die teenwoordige tyd, in die bedrywende vorm, van "dinge wat nog moet kom" of "toekomstige dinge" – wat slegs kan beteken dat God se plan, soos geopenbaar deur die profesieë, steeds in wording is – vertaal word. Die 1933-vertaling het die korrekte tydsvorm.

Dit is belangrik om te weet dat die kerk in Kolosse in geheel saamgestel was uit nie-Joodse bekeerlinge. Paulus het "die verborgenheid onder die heidene" (Kol. 1:27), verkondig, en verwys na die geestelike besnydenis van die hart deur Jesus Christus – deur bekering – in teenstelling met die fisiese toestand van "onbesnedenheid" van die vlees (Kol. 2:13).



Soos ons lees in Hand. 19 het die nie-Joodse bekeerlinge wat hulle heidense godsdienste en aanbidding van Griekse gode en godinne afgesweer het, met weerstand en verkleining te doene gekry. In die geval van Paulus, is hy met die dood gedreig omdat hy Judaïsme afgesê het. Net so, toe die Kolossense hulle bekeer het, is hulle lewens heeltemal verander. Hulle het hulle ou godsdienstige praktyke verlaat, afgodstempels afgesweer en opgehou om aan die heidense godsdienstige feeste en dae van aanbidding deel te neem. In die plek hiervan het hulle die sewende dag weeklikse Sabbat gehou; en soos wat Paulus aan al die kerke geleer het, was hulle getrou aan die heilige dae en feeste van die ware God.

Dit is juis hierdie verandering in hulle lewenswyse wat veroorsaak het dat diegene *buite* die kerk begin het om 'n oordeel te vel teen die Christene van Kolosse omdat hulle hulle ou, voormalige godsdienstige filosofie en aanbidding van engele verlaat het. As ons dan die omstandighede waarmee Paulus te make gehad het toe hy Kol. 2:16-17 geskryf het, verstaan, dan raak die ware betekenis van dié skrifgedeelte heeltemal duidelik.

### **`n Ontleding van Kol. 2:16-17**

Hier is 'n akkurate vertaling van die oorspronklike Grieks: Kol. 2:16 – "daarom, laat niemand toe om julle te oordeel in wat julle eet of drink nie, of met betrekking tot 'n fees, of nuwemaan, of sabbate nie" – vers 17 – "wat 'n skaduwee is van dinge wat nog kom, maar die liggaam van Christus".

1) Die eerste gedeelte – "**daarom, laat niemand toe om julle te oordeel ...**" – beteken eenvoudig dat, aangesien hulle nou bekeer was en hulle lewens verander het om die Evangelie te glo en te gehoorsaam en nou die Wette en Gebooie van God gehou het in stede van hulle vorige heidense praktyke, **daarom** moes hulle niemand *buite* die kerk toelaat om hulle te oordeel weens hulle nuwe lewensstyl nie.

2) "**... in wat julle eet of drink nie ...**". Toe hulle heidene was, het hulle enigiets geëet – rein en onrein. Na hulle bekering het hulle nie langer onrein voedsel geëet nie (1 Tim. 4:1-5). Op dieselfde wyse het hulle nie langer deelgeneem in die dronkpartytjies van hulle verlede wat deel was van die heidense godsdienstige gebruike nie. Nou, nadat hulle tot bekering gekom het en hulle weë verander het, moes hulle die oordeel en kritiek van diegene buite die kerk ignoreer.

3) "**... of met betrekking tot 'n fees, of nuwemaan, of sabbate nie ...**". In stede van aan te dui dat die Kolossense veroordeel was vir die verwerping van die feeste en Sabbate van God, beteken hierdie frase die presiese teenoorgestelde. Net soos in die geval van die Galasiërs, het die Kolossense, as voormalige heidene, nog nooit vantevore die Bybelse feeste en sabbate, voor hulle bekering, onderhou nie. Daarom het die diegene buite die kerk nie die Kolossense veroordeel omdat hulle nie langer hierdie dinge, dit is die feeste en Sabbate van God, gehou het nie, eerder, het hulle hulle geoordeel omdat hulle nou, na hulle bekering, hierdie dinge onderhou het. Net 'n opmerking oor "nuwe maan". Hierdie woord is in die enkelvoud, en kom so in die Grieks voor. Dit verwys na die berekende Hebreeuse kalender en verwys daarom na die Fees van Trompette, 'n heilige dag, of Sabbat, want die eerste dag van die sewende maand, (van die Hebreeuse kalender, en 'n

nuwe maan), is die begindatum van waaraf alle berekeninge vir die berekende Hebreeuse kalender of Bybelse kalender gemaak word.

4) " ... **wat `n skaduwee is van dinge wat nog kom**, ...". Hierdie belangrike frase dui aan dat ware Christene – diegene wat God se weg gehoorsaam - `n begrip sal hê van komende dinge of gebeurtenisse soos vervat in die profesie, soos wat God se plan ontvou.

5) "...**maar die liggaam van Christus**." Hierdie gedeelte van die vers kan twee betekenisse hê. Eerstens, aangesien die broeders in Kolosse veroordeel was deur diegene *buite* die kerk oor hulle nuwe, bekeerde gedrag, moes enige beoordeling van hierdie aangeleenthede of dinge, slegs gedoen word deur diegene in die kerk, met ander woorde "die liggaam van Christus". Ten tweede kan hierdie gedeelte ook beteken dat die *werklikheid* van die onderhouding van God se Sabbat en heilige dae gevind word in die "liggaam van Christus" – die kerk – nie van *buite* die kerk nie. Met ander woorde, die ware kennis en betekenis van hierdie dae van God, kan slegs gevind word in die kerke van God. Soos Jesus gesê het, "want dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle [buite die Liggaam van Christus – buite die ware kerk van God], is dit nie gegee nie. ... maar geseënd is julle oë, want hulle sien; en julle ore, want hulle hoor. Want waarlik, Ek sê vir julle, baie profete en regverdige manne het begeer om te sien wat julle sien, en het nie gesien nie; en om te hoor wat julle hoor, en het nie gehoor nie" (Mat. 13:11, 16-17).

Die hele hoofstuk van Kolossense 2 is `n kontras tussen die weg van God deur Jesus Christus en die weg van die heidene met hulle godsdienstige filosofieë en aanbidding van gevalle engele. As die verse van hierdie hoofstuk in hierdie twee kontrasterende elemente verdeel word, word die ware betekenis en volle bedoeling van wat Paulus geskryf het, duidelik. Hieronder word hierdie verse van Kolossense 2 soos volg verdeel:

**A. Dinge wat verband hou met Christus en God die Vader en die Christelike lewenswyse.**

**B. Waarskuwings teen die heidendom, godsdienstige filosofie en die aanbidding van gevalle engele.**

### **Kolossense 2 Verdeel in Elemente A en B**

**A.** "Want ek wil hê dat julle moet weet watter groot besorgdheid ek oor julle het, en oor die wat in Laodicea is en almal wat my gesig in die vlees nie gesien het nie; sodat hulle harte vertroos mag word, saamgevoeg word in liefde tot alle rykdomme van die volle versekering van insig, tot die kennis van die verborgenheid van God, en van die Vader, en van Christus; in Wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is" (Verse 1-3).

**B.** "Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei deur oortuigende woorde nie" (Vers 4).

A. "Want al is ek ook in die vlees afwesig, is ek tog in die gees by julle, verbly, en sien ek julle orde en die standvastigheid van julle geloof in Christus. Daarom, aangesien julle Christus Jesus die Here ontvang het, **wandel in Hom; gewortel en in Hom opgebou, bevestig in die geloof, soos julle geleer is**, en wees daarin oorvloedig dankbaar" (Verse 4-7).

B. "Pasop dat iemand julle gevange neem **deur filosofie en nietige misleiding, gebaseer op die tradisies van mense**, wat gebaseer is op die eerste beginsels van die wêreld en nie gebaseer op Christus nie". (Vers 8).

A. "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en **in Hom is julle volmaak**, wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met die besnydenis wat nie met hande gemaak word nie, met aflegging van die liggaam van die sondes van die vlees deur die besnydenis van Christus; begrawe saam met Hom in doop, waardeur julle ook opgewek is saam met Hom deur die innerlike werking van God, wat Hom uit die dood uit opgewek het. Want julle, wat eens dood was in julle sondes en in die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy nou lewend gemaak saam met Hom, **deur al julle oortredinge te vergewe**". Hy het **die skuldbewys teen ons met die verordeninge van ons sondes, wat teen ons gestaan het, uitgevee**; en Hy het dit weggeneem, deur dit aan die kruis ...". Nadat Hy die owerhede en magte gestroop het en hulle in die openbaar tot gekke gemaak het, en daardeur oor hulle getriomfeer het [deur Sy kruisiging en opstanding]" (Vers 9-15).

B. "Daarom, **laat niemand toe om julle te oordeel** in wat julle eet of drink nie, of met betrekking tot 'n fees, of nuwemaan, of sabatte nie, wat 'n skaduwee is van dinge wat nog kom, maar die liggaam van Christus". **Laat niemand julle van julle prys beroof nie, deur sy wens tot selfvernedering en die aanbidding van engele te beoefen nie, die binnedringing van dinge wat hyself nie gesien het nie, nietig opgeblase deur sy eie vleeslike denke en nie klewend aan die Hoof nie**" (Verse 16-19).

A. "Uit wie die hele liggaam, ondersteun en saamgebind deur die gewrigte en die spiere, versterk word met die toename vanaf God. Daarom, **as julle dan die eerste beginsels [sien Gal.4:8-10] van die wêreld saam met Christus afgesterf het, ...**" (Verse 19-20).

B"... **Waarom onderwerp julle julleself aan die verordeninge van mense asof julle in die wêreld woon?** Hulle sê, 'Jy mag nie aanraak nie! Jy mag nie proe nie! Jy mag nie roer nie!' **Die navolging van al sulke dinge lei tot verderf. Dit is volgens die bevele en leringe van mense**, wie inderdaad 'n uiterlike skyn van wysheid **in die vrywillige aanbidding van engele het, en selfverloëning en streng dissiplinerende van die liggaam**, het, in geen opsig tot bevrediging van die behoeftes van die vlees nie". (Verse 20-23).

Is dit nie ironies nie dat die letterlike vertaling van verse 14, 16–17, nader aan die werklike bedoeling is van wat Paulus gesê het as al drie die vertalings, soos wat dit in die Afrikaanse vertalings voorkom nie?

Wanneer die hele hoofstuk as 'n geheel geneem word – en mens Paulus se kontrasterende vermaninge bestudeer – word dit duidelik dat Paulus nie die dieetwette aangaande rein en onrein voedsel, die jaarlikse feeste of die weeklikse Sabbat, afskaf en

`n heidense kalenderstelsel aanvaar nie. Verdermeer, is geen van God se wette aan die kruis vasgespyker nie. Veel eerder, bevestig Paulus dat die nie-Joodse bekeerlinge in Kolosse moes volhard in die onderhouding van God se wette en gebooie soos wat hulle geleer is. Paulus het aan die Kolossense opdrag gegee om hulle nie te steur aan die kritiek en veroordeling van diegene *buite* die kerk nie, want die onderhouding van God se Sabbat en heilige dae is `n voortdurende vooruitskouing van die gebeure van God se plan wat nog moet plaasvind. Deur getrou te wees en hierdie bevel van God te onderhou, sou hulle voortdurend die ware God aanbid, opgebou word in Jesus Christus en nooit insig in God se plan verloor nie. Deur ware gehoorsaamheid aan God die Vader en Jesus Christus sou hulle nooit weer mislei word deur nietige filosofieë en verordeninge van mense nie of verlei word tot die aanbidting van gevalle engele – satan en sy demone - nie.

Dit is die *WARE* betekenis van Kolossense hoofstuk 2!

### **Efesiërs 2:15-16: Het Jesus die Gebooie Afgeskaf?**

Noudat ons `n duidelike begrip het van Kolossense 2, sal dit nie moeilik wees om te verstaan wat Paulus in Efesiërs 2:15-16 geskryf het nie. Die ou Afrikaanse vertaling lees hier, Vers 15: "Deurdag Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, *naamlik* die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep". Vers 16: "En albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daardeur die vyandskap vernietig het". In die 1983 vertaling het die vertalers so ver gegaan as om die woorde "van Moses" sondermeer in te voeg na die woorde "die wet" in vers 15. Onnodig om te sê, kom die woorde "van Moses" glad nie in die oorspronklike Grieks voor nie. Verder hieroor hieronder. Behalwe vir meer moderne Afrikaans, verskil die Nuwe Lewende Vertaling nie veel van die vertaling soos vervat in die ou Afrikaanse vertaling nie.

Die sleutel frase in voormelde *onakkurate* vertalings – wat baie verwarring tot gevolg het – is, "deurdag Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan;". Wat beteken "die wet van gebooie wat in insettinge bestaan"? Word daar inderdaad hier na die gebooie van God soos wat dit in die Ou Testament vervat is, verwys, soos wat meestal aangeneem word?

Net soos hierin vantevore, waar Kolossense 2:14 behandel was, kom die woord "insettinge" vanaf die Griekse woord *dogma*. Hierdie woord verwys altyd, soos reeds vantevore gesê, na die dekrete, insettinge, besluite of bevel van mense" (Arndt en Gingrich). Paulus verwys derhalwe nie hier na die gebooie van God soos vervat in die wet van God nie. Die invoeging van die woorde "van Moses" deur die 1983 vertalers, skreeu derhalwe ten hemele. Verdermeer, soos vantevore gesê, verwys die Griekse woord *dogma* nêrens in die Nuwe Testament na die wette en gebooie van God nie.

Na watter dekrete of dogmas van mense verwys Paulus dan? Die konteks openbaar duidelik dat Paulus in hierdie geval verwys na die *tradisionele* dogmas, voorskrifte of bevel van Judaïsme. (U sal onthou dat Paulus, in die geval van Efesiërs 2, soos hierbo behandel, verwys het na die voorskrifte of dogmas van die heidense godsdienste. Hier egter, gaan dit oor dié van die Jode). Die streng tradisionele wette van Judaïsme het groot onmin en vyandskap tussen Jode en nie-Jode daargestel – en selfs tussen die Jode onderling ook. Hiervan het Jesus gesê, "Want hulle bind pakke saam wat

swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie" (Matt.23:4).

In Markus hoofstuk 7 het Jesus die Joodse godsdienstige leiers skerp tereggewys oor hulle aanhang van hulle tradisionele wette en verwerping van die gebooie van God: "Daarop stel die Farisieërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: 'Waarom wandel u dissipels nie ooreenkomstig die oorlewering [tradisie] van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande?' En Hy antwoord en sê vir hulle: 'Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes [skynheiliges], geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer my met hulle lippe, maar hulle hart is ver van my af. **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.** Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering [tradisies] van mense vas: Die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie'. En Hy sê vir hulle: 'Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering [tradisies] te onderhou. Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban (dit is 'n offergawe aan God) – dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie. So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering [tradisie] wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie' (Mark. 7:5-13; Sien ook Matt. 23).

Nie alleenlik was die tradisionele dekrete of voorskrifte van Judaïsme teenstrydig met die wette en gebooie van God nie, maar was hulle ook so vreemd en wreed dat dit aanleiding gegee het tot onenigheid en vyandskap tussen die Joodse mense self. Hierdie oorleweringe of tradisies van hulle was ook dan die oorsaak dat Jode minagtend neergekyk het op nie-Jode. In Efesiërs 2:11-16 beskryf Paulus hierdie vyandige verhouding wat tussen Jood en nie-Jood bestaan het voor die koms van Christus en die prediking van die evangelie van vrede wat daarna plaasgevind het. Hy benadruk dat die voormalige vyandskap wat daar bestaan het, primêr die gevolg was van die Jode se sinnelose oorleweringe of tradisies.

So byvoorbeeld, was 'n "hoofdoring in die vlees" tussen die twee groepe, die Jode se tradisie – soos voorgeskryf in hulle mondelinge oorlewering [nie afkomstig uit die Bybel nie] – dat Jode die geselskap van nie-Jode moes vermy en selfs nie saam met hulle mag eet nie. Hierdie voorskrifte is seer sekerlik nie afkomstig uit die Ou Testament nie en is derhalwe nie 'n wet van God nie. Ten einde egter te voorkom dat hierdie Joodse vooroordeel jeens nie-Jode ook posvat in die kerk, het God reeds vroeg aan die apostel Petrus geopenbaar dat sulke oorleweringe of tradisies van Judaïsme heeltemal onaanvaarbaar is – en dat Hy hierdie wette en voorskrifte van die Jode ten volle ongeldig verklaar.

Toe God begin het om nie-Jode te roep, het hy vir Petrus deur 'n spesiale visioen vanaf God na die huis van ene Cornelius in Cesarea gestuur. Cornelius was 'n Romeinse hoofman oor honderd wat die ware God gevrees het en ook tot Hom gebid het. Let op wat Petrus aan Cornelius gesê het: "**Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man [wat tradisionele Joodse wet beoefen het] om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of om hom te besoek ...**" (Hand. 10:28).

Petrus het dan verder aan Cornelius en die wat saam met hom in die huis was, verduidelik hoe God hom daartoe beweeg het, deur 'n visioen, om te verkondig dat sulke haatlike Joodse voorskrifte ten volle nietig verklaar is deur God en teenstrydig is met Sy

wette en gebooië. Petrus het gesê, "maar God het my getoon dat hy geen mens onheilig of onrein mag noem nie ... ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (Hand 10:28, 34-35).

Ten einde aan Petrus, en gevolglik al die apostels, te demonstreer dat Hy die nie-Jode tot dieselfde verlossing sou roep, welke begin is met die Jode en die Israeliete by die tempel op Pinksterdag in 30 na Christus, het Hy op bonatuurlike wyse die heilige gees op die onbesnede nie-Jode wat in Cornelius se huis bymekaar was, uitgestort, nog *voordat* hulle selfs gedoop is. Petrus het vervolg, "en Hy [Jesus] het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as regter van lewende en dode. Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang. **En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is.** Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: "**Niemand kan tog die water weer [weerhou], dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?** En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle Hom gevra om nog 'n paar dae te bly" (Hand. 10:42-48).

Teen hierdie agtergrond – en met 'n akkurate vertaling van Efesiërs 2:11-16 – is die ware betekenis van hierdie moeilike skrifgedeelte glashelder. Ons sien dus dat Paulus op geen wyse besig was om die gebooië van God af te skaf nie – want geen mens kan die gebooië van God afskaf nie, net so min as wat 'n mens die hemele en die aarde kan vernietig (Deut. 30:16-20; Matt. 5:17-18; Mark. 13:31).

Veeleer het God, op geen onduidelike wyse, die belaglike, haatlike oorlewerings- of tradisionele wette van Judaïsme wat teen nie-Jode was, nietig verklaar aangesien hulle geen plek het in die Kerk van God nie. Let op wat Paulus geskryf het: "Daarom, onthou dat julle eens heidene in die vlees was, wat onbesnedenes genoem word deur diegene wat besnedenes na die vlees, gemaak deur hande, is; en dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld; maar nou, in Christus Jesus, is julle, wat eens ver verwyderd was, naby gebring deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, wat beide een gemaak het, en die middelmuur van skeiding afgebreek het. **Wat in Sy vlees die vyandskap, die wette of gebooië vervat in die voorskrifte van mense, nietig verklaar het, sodat in Homself Hy beide tot een nuwe mens kon skep, en daardeur vrede maak;** sodat Hy beide met God kon versoen in een liggaam, deur die kruis, deurdat Hy die vyandskap daardeur vernietig het" [Korrekte vertaling van Ef. 2:11-16].

### **Romeine 7:1-6 – Is Christene "losgemaak van die Wet"?**

'n Onbehoorlike vertolking van hierdie skrifgedeelte skep die indruk dat Christene "losgemaak" is, van enige verpligting hoegenaamd, om die wette en gebooië van God te onderhou. Sulke leringe is egter, in werklikheid, gewortel in die sinlike, wêreldse, wetteloosheid en vyandigheidsindheid jeens die wette van God (Rom. 8:7; 1 Joh.

3:4). Diegene wat sulke blatante wanvertolkings glo en verkondig, skiet tekort aan skrifkennis en is onvaardig wat betref die sny van die Woord van Waarheid – en maak daardeur vir Jesus Christus en die apostel Paulus wettelose bedienaars van sonde!

"Is julle dan onkundig, broeders, (want ek praat met diegene wat die wet ken), dat die wet oor `n mens heers solank as wat hy mag lewe? **Want die getroude vrou is deur die wet aan die man gebonde solank as wat hy leef; maar as die man sou sterf, word sy deur die wet wat haar aan die man bind, losgelaat.** Daarom dan, sou sy `n ander man trou solank as wat die man lewe, sal sy `n owerspeelster genoem word; **maar, sou die man sterf, is sy vry van die wet wat haar aan die man bind**, sodat sy nie langer meer `n owerspeelster is as sy met `n ander man getroud is nie. Op dieselfde manier, my broeders, is julle ook doodgemaak ten aansien van die *huweliks-wet* van *die Ou Verbond* deur die liggaam van Christus, sodat julle met `n ander kan trou, Wat opgewek is uit die dood, sodat ons vrugte tot God kan voortbring. Want solank as wat ons in die vlees was, het die hartstogte van sonde wat deur die wet was, in ons lede gewerk om vrugte tot dood voort te bring. **Maar nou is ons losgemaak van die wet omdat ons gesterf het ten aansien van dit wat ons gebonde gehou het sodat ons in nuthed van gees kan dien en nie in die oudheid van die letter nie**" (Korrekte vertaling van Rom. 7:1-6).

Dit is duidelik dat die konteks van hierdie skrifgedeelte die *huwelikswet* wat die man en die vrou aanmekaar bind, is – totdat die dood die huweliksverbond beëindig. Gebaseer op hierdie wet, maak Paulus `n vergelyking – want die verbond tussen God en die kinders van Israel was `n *huweliksverbond*. Die Here God was vergelyk met die man in die huwelik en die volk Israel met Sy vrou. God het hierdie huweliksverbonds-verhouding bevestig toe Hy vir Jesaja geïnspireer het om te skryf, "**want jou Maker is jou Man**; Here van die leëskare is Sy naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy sal die God van die hele aarde genoem word" (Jes. 54:5).

Hierdie huweliksverbond tussen God en Israel van ouds was gebaseer op fisiese beloftes van grondgebied, `n lang lewe, oorvloedige aardse seëninge, nasionale welvaart en grootheid, en God se beskerming in ruil vir Israel se gehoorsaamheid aan die letter van Sy wette en geboie. Nodeloos om te sê, was Israel `n amper algehele ontroue vrou.

Aangesien die huwelik deur wet, tot die dood van óf die man óf die vrou, bindend is, is die vraag dus 'hoe kon God Sy huwelik met Israel beëindig – buiten om elke Israëliet van al twaalf die stamme te vernietig?' **Onthou, God hou Sy eie wette, want hulle is `n refleksie van Sy inherente geestelike regverdigheid.** God was inderdaad aan die volk Israel gebonde deur en as gevolg van Sy eie onveranderlike wet.

**Maar, die Here God van die Ou Verbond, was die Een wat die Here van die Nuwe Verbond geword het – Jesus Christus.** Daarom was dit vir die Here God wat Jesus Christus in die vlees geword het, moontlik om die huweliksverbond met Israel te beëindig deur Sy dood aan die kruis. Hy kon nie in `n nuwe verlowings-verbondsverhouding met die Kerk tree, voordat Hy nie gesterf het nie. Hierdie is een van die sleutelredes waarom Hy God, gemanifesteer in die vlees, geword het, sodat Hy Israel en Homself, deur Sy eie dood, van die ou huweliksverbond kon loslaat.

Na Jesus se dood en opstanding kon ware Christene nou as vroom maagde aan Jesus Christus, synde hulle toekomstige man, verloof raak (2 Kor. 11:2; Ef. 5:22-33). Die huwelik van die Lam, die man, en die Kerk, die vrou, sal plaasvind kort na die eerste opstanding (Op. 19:7-9).

Gevolglik beteken die frase "ontslae van die wet", soos wat dit in die ou Afrikaanse vertaling voorkom, "losgemaak van die wet", dat, deur Jesus se dood (en die gelowiges se simboliese dood deur die waterdoop), Joodse Christene [dit is duidelik uit die eerste gedeelte van vers 1 dat Paulus hier met mede-Jode praat], *losgemaak* is van hulle huweliksooreenkoms wat hulle aan die Ou Verbond gebind het. Dit beteken *nie* dat die Nuwe Verbond Christene losgemaak is van die verpligting om die gebooie en wette van God te hou nie (Matt. 5:17-20). Veeleerder, moet hulle die wette en gebooie van God in **nuutheid van die gees** van die wet, en nie net na die letter van die wet nie, hou (Vers 6).

### **"Regverdiging deur Geloof" – Is die Geregtigheid van God Sonder Wet?**

Ten einde die werklike bedoeling van die apostel Paulus se moeilik-verstaanbare-skrifgedeeltes aangaande "wet/die wet" en "geregtigheid" te bepaal, moet ons eers verstaan hoe Paulus hierdie besondere uitdrukkings gebruik het.

**Paulus se Gebruik van die Uitdrukking "Wet":** Die Afrikaanse woord "wet" word vertaal vanaf die Griekse woord *nomos* "wet". Sonder die bepaalde lidwoord beteken dit "wet" in die algemeen; 'n individuele "wet"; of die algemene beginsel van "wet" of "'n wet". Wanneer Paulus die woord "wet" *met* die bepaalde lidwoord gebruik – *ho nomos* – beteken dit in die engste sin, die Pentateug. In sommige gevalle mag dit na God se verbond met Israel of na die Tien Gebooie verwys. In die boek van die Hebreërs kan "die wet" na die rituele wette van die tempelstelsel verwys. "Die wet", *ho nomos*, kan ook na 'n *spesifieke* wet, buiten "die wet/te van God" verwys. Byvoorbeeld:

- Rom. 7:23 – "Die wet van my gemoed" en "die wet van sonde";
- Rom. 8:2 – "Die wet van die gees van lewe" en "die wet van sonde en dood";
- Gal. 6:2 – "Die wet van Christus".

**"Wet", Sonder die Bepaalde Lidwoord:** In meer as die helfte van die skrifgedeeltes waar Paulus "wet" bespreek, gebruik hy die uitdrukking *sonder* die bepaalde lidwoord - 'n uiters belangrike feit ten einde sy skrifgedeeltes te verstaan. Dit is veral waar wanneer Paulus na die wette van Judaïsme en dekrete of voorskrifte van mense verwys. Veelvuldige probleme ontstaan in die vertolking en begrip van Paulus se briewe as gevolg van die feit dat vertalers die bepaalde lidwoord "die" by byna al Paulus se skrifgedeeltes *invoeg* waar hy die woord "wet" (*nomos*) *sonder* die bepaalde lidwoord gebruik, in die oorspronklike Grieks. Verdermeer het vertalers dan versuim om hierdie invoegings aan te dui deur dit in skuinsdruk aan te gee. Gevolglik het ortodokse Christendom baie vals leringe ontwikkel gebaseer op misverstande wat deur hierdie invoegings veroorsaak is.

'n Getroue vertaling sou derhalwe, (waar die bepaalde lidwoord nie in die oorspronklike Grieks voorkom nie, maar die vertaler, vir taalkundige doeleindes, die lidwoord invoeg), die lidwoord in daardie geval in skuinsdruk aandui. In die geval waar die woord *ho* in die oorspronklike Grieks voorkom, is dit natuurlik



nie nodig om die lidwoord "die" in skuinsdruk aan te gee nie maar in gewone druk. Vir diegene wat `n meer deeglike studie van hierdie aangeleentheid wil maak, word `n Griekse Nuwe Testament of `n Grieks/Engelse interliniêre Bybel, (daar is nie `n Grieks/Afrikaanse interliniêre Bybel beskikbaar nie), van groot hulp vind.

Hieronder volg `n lys van skrifgedeeltes waar Paulus "wet" en "die wet", in sy sendbriewe gebruik.

1) Daar is *nie* `n bepaalde lidwoord in die Grieks in die volgende skrifgedeeltes nie – slegs *nomos*, ("wet"). As die bepaalde lidwoord *bygevoeg* word, behoort dit in skuinsdruk aangebring te word – "*die wet*". Rom. 2:12, 14, 23, 25, 27; 3:20, 21, 27, 28, 31; 4:12, 14, 15; 5:13, 20; 6:14, 15. In Rom. 7:1-6, verwys al die gebruike van "wet/die wet" na die beginsel van "wet" en "die wet" van die huwelik, synde die betrekking wat dit op God se verbond met Israel het. Rom. 7:7, 8, 9, 23, 25; 9:31, 32; 10:4; 13:10; 1 Kor. 9:9, 20; Gal. 2:16, 19, 21; 3:2, 5, 10, 11, 13, 18, 21, 23; 4:4, 5, 21; 5:4, 18, 23; 6:13; Fill.3:5, 6, 9; 1 Tim. 1:9; Hebr. 7:12, 16; 8:10; 9:19; 10:16.

2) Die volgende skrifgedeeltes *sluit* die bepaalde lidwoord as deel van die oorspronklike Grieks *in – ho nomos*. Hulle verskyn dus in die oorspronklike Grieks as "**die wet**". Rom. 2:13, 14, 15, 17, 18, 20, 23, 26, 27; 3:19, 21; 4:16; 7:12, 14, 16, 22, 23; 8:2, 3, 4, 7; 10:5; 1 Kor. 9:8, 9; 14:21, 34; 15:56; Gal. 3:10, 12, 13, 17, 19, 21, 24; 4:21; 5:3, 14; 6:2; 1 Tim. 1:8; Hebr. 7:5, 19, 28; 8:4; 9:22; 10:1, 8.

**Paulus se Gebruik van die Woord "Geregtigheid"**: Bykomstig tot Paulus se gebruik van "wet/die wet", is dit noodsaaklik dat ons die betekenis van die woord "geregtigheid" verstaan en, hoe hy dit gebruik het. In die Nuwe Testament word die woord "geregtigheid" vertaal vanaf die Griekse woord *dikaisune*, welke woord gebruik word om *nege* verskillende aspekte van "geregtigheid", na vore te bring.

1) Die **geregtigheid van die wet** is gehoorsaamheid in die letter van die wet (Deut. 4:1-8; Luk. 1:6; Rom. 2:27; Fill. 3:6, 9).

2) Die **geregtigheid van wet** verwys na die ontvangs van **regverdiging** van mens se sondes deur die Ou Verbond se offerandes, rituele en wassings by die tempel (Liv. 1-7; 12-15).

3) Die **geregtigheid van wet** verwys na `n werk van wet ter gehoorsaming van die tradisionele wette van Judaïsme sowel as enige wet van `n ander godsdiens (Mark. 7:1-13; Hand. 10:28; 11:3; Gal. 2:11-16; Rom. 9: 32; Gal. 2:16).

4) Die **geregtigheid van God** beteken die persoonlike geregtigheid van God die Vader en Jesus Christus – die suiwer, heilige, geestelike gedrag/optrede van God.

5) Die **geregtigheid van God** verwys ook na God se **regverdiging** van `n berouvolle sondaar se reeds gedane sondes – wat `n eensydige

handeling van God deur Sy genade is, afsonderlik van die Wet en die Profete (Rom. 2:21-24).

6) Die **geregtigheid van geloof** is die getroue gehoorsaamheid aan die wette en gebooie van God na die geestelike doel en bedoeling daarvan (Rom. 2:27; 1 Kor. 7:19; Fill. 1:11; 2:12-13; 3:9; 1 Joh. 2:3-6; 5:2-3; 2 Joh. 2-6; Heb. 10:16; Openb. 22:14).

7) Die **geregtigheid van geloof** beteken ook God se regverdiging van mens se gedane sondes deur **geloof**, (in die selfstandige naamwoordvorm daarvan), en **geloof**, (in die werkwoordvorm daarvan, met ander woorde die aktiewe **glo**), in die offerande van Jesus Christus en Sy gestorte bloed ter vergifnis van sondes deur genade (Rom. 2:14; 3:21-31; 4:2; 3:31; 5:1; Gal. 3:8-10; 5:4-5; Ef. 2:4-10).

8) Die **toegerekende geregtigheid van God** beteken die geregtigheid wat God aan die gelowige toereken wanneer hy of sy God glo en handel op wat Hy beveel, met `n gewillige hart (Gen. 15:6; 26:5; Rom. 4:3-5; Jak. 2:14-26).

9) Die **toegerekende geregtigheid van God** verwys ook na geregtigheid deur God toegereken met bekering – want die gelowige se sondes word vergewe en verwyder deur geloof in die offerande van Jesus Christus en Sy gestorte bloed. Hierdie toegerekende geregtigheid beteken nie dat Jesus die gebooie **vir of namens** so `n persoon gehou het nie. Dit doen ook nie weg met mens se verpligting om die gebooie van God na te kom nie (Rom. 4:6, 11, 22-23). Trouens, dit vereis dat die bekeerling die wette en gebooie van God na hulle volle geestelike bedoeling onderhou (Rom. 7:6).

Ten einde tot `n begrip te kom van wat Paulus in Rom. 3:20-31 geskrywe het, sal ons op die "geregtigheid van God" fokus – in hierdie geval bedoelende God se regverdiging van `n bekerende sondaar se gedane, met ander woorde, sondes van die verlede.

### Die Vertalers se Groot Fout in Romeine

In die boek van Romeine het die vertalers van al drie die Afrikaanse vertalings, soos voormeld, die bepaalde lidwoord "die" *ingevoeg* – alhoewel dit nie in die oorspronklike teks voorkom nie – wanneer hulle die Griekse frase *ergon nomou* vertaal het na "**die** werke van **die** wet". Verder het hulle dan ook nie hierdie ingevoegde "die" in skuinsdruk aangebring waar hulle "die werke" of "die wet" geskryf het nie, om aan te dui dat hierdie hulle eie invoeging is nie. Die korrekte vertaling, `n "werk van wet", verskil, in betekenis, geweldig van "die werke van die wet". Baie godsdienste vereis "goeie werke" van hulle volgelinge ten einde verlossing te bereik. Dit is hierdie wat `n "werk van wet" is. Aan die ander kant, is "die werk van die wet" gebodsonderhouding (Rom. 2:14). Gewoonlik praat Paulus oor "werk van wet" – iets wat veel weier is as gebodsonderhouding en welke die tradisionele wette van Judaïsme, wat deur Christus veroordeel is, ingesluit het.

Ten einde ten volle te verstaan wat Paulus dan sê in hierdie kritiese skrifgedeelte in Romeine hoofstuk 3, moet ons die konteks waarbinne dit geskryf is, bestudeer. Deur dit te doen, sal ons gou besef dat Paulus hier praat van hoe mens regverdiging deur *geloof* ontvang, in teenstelling met regverdiging deur `n *werk van `n wet* – hetsy deur `n tempelritueel of regverdiging deur `n tradisionele wet van Judaïsme. Hy verkondig nie die afskaffing van die wette en gebooie van God nie, soos wat miljoene voorgee en glo nie.

### Romeine 3:20-31 Ontleed

Deur hierdie verse aan te haal, maak evangeliese protestante daarop aanspraak dat dit nie nodig is vir `n mens om die gebooie van God te onderhou nie – veral die Sabbat en die heilige dae nie – ten einde verlossing te ontvang nie. Hulle gaan egter verder deur te sê dat, sou mens die Sabbat en die heilige dae van God onderhou, `n mens dan daardeur sou probeer om *geregverdig* te word deur gebodsonderhouding eerder as deur die genade van God deur die offerande van Jesus Christus. Maar is hierdie aansprake waar? Waarom sou Sondag-onderhouding - `n mensgemaakte tradisie teenstrydig met die woord van God – dan nie ook regverdiging deur werke wees nie?

Ons moet ons dus afvra wat Paulus dan inderdaad bedoel in Rom. 3:20-31. Verkondig hy inderwaarheid wegdoening met die wette en gebooie van God?

In die Ou Afrikaanse Vertaling lees Rom. 3:20-21 soos volg: "Aangesien **uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie**, want deur die wet is die kennis van sonde. Maar nou is **die geregtigheid van God geopenbaar SONDER DIE WET**, terwyl die wet en die profete daarvan getuig".

Op hierdie manier vertaal *lyk* dit asof hier aangedui word dat daar geen nodigheid is om die wette van God te hou nie en dat iemand geregtigheid kan bekom "sonder die wet" – dit is, in die totale afwesigheid van wetsonderhouding. Maar hoe kan iemand wat "in sonde lewe" dan ook geregverdig wees? Is dit nie `n totale onmoontlikheid nie?

En nog verder, hoe kan iemand geregverdig wees *sonder* wet as die Bybel petinent verklaar, "al u gebooie is geregtigheid"? (Psalm 119:172). Om dinge verder te kompliseer, sê Rom. 2:13, "omdat nie die hoorders van die wet by God geregverdig is nie maar die **daders van die wet geregverdig sal word**". Wat bedoel Paulus hiermee?

Rom. 3:20-31 is inderdaad een van die mees moeilik verstaanbare skrifgedeeltes wat Paulus geskryf het. Het Paulus in werklikheid bedoel dat mens geregverdig kon wees *sonder* wetsonderhouding? Hoe is dit moontlik dat "uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie", en tog, "die daders van die wet geregverdig sal word"? Wat is die antwoorde op hierdie verwarrende vrae?

**Die Werke van die Wet:** Hierdie frase "**die** werke van **die** wet" is straks een van die mees misverstaande frases in hierdie sendbrief van Paulus. Die verwarring het egter sy oorsprong in die onakkurate vertaling van die Griekse *ergon nomou* wat letterlik, "werke van wet", beteken. Dit beteken nie "**die** werke

van **die** wet" nie. Die bepaalde lidwoord verskyn nie in hierdie geval in die oorspronklike Griekse teks nie en is deur die vertalers voor die woorde "werke" en "wet", ingevoeg. Vermoedelik het die vertalers die lidwoord hier ingevoeg om die betekenis op te helder aangesien hulle gedink het dat *ergon nomou* uitsluitlik na die wette en gebooië van God verwys. Die gevolg hiervan is dat aangeneem is dat die onderhouding van die gebooië van God nie vereis word vir verlossing nie, want "**die** werke van **die** wet" kan niemand voor God regverdig nie. Alhoewel dit waar is dat "werke van wet" ook na die wette van God kan verwys, is dit ongetwyfeld, uit die konteks, duidelik dat Paulus hier 'n veel wyer toepassing van die frase *ergon nomou* in gedagte gehad het.

As Paulus bedoel het om die frase "**die** werke van **die** wet," te laat lees, sou hy dit ongetwyfeld so in die Grieks geskrywe het. Trouens, daar is een vers, en slegs een vers, waar Paulus in werklikheid die hele frase "**die** werk van **die** wet" ook dan so gebruik het: "Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, **van nature die dinge van die wet doen**, [die korrekte vertaling is eintlik van nature die dinge wat in die wet vervat is, doen] is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat **die werk van die wet** in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig" (Rom. 2:14-15).

Die Griekse frase in vers 15 is *to ergon tou nomou* wat, wanneer dit in Afrikaans vertaal word, moet lees "**die** werk van **die** wet". Hier is dit heeltemal ooglopend dat Paulus inderdaad praat van die wette van God.

In alle ander plekke waar Paulus *ergon nomou* gebruik het, moet dit egter vertaal word as "werke van wet" eerder as "**die** werke van **die** wet". Die ander plekke waar Paulus *ergon nomou* – sonder die bepaalde lidwoord – te wete sewe plekke, gebruik het, en waar dit vertaal behoort te wees as "werke van wet", sonder die lidwoord, is:

1) Rom. 9:31-32: "Terwyl Israel, wat 'n wet van geregtigheid nagejaag het, 'n wet van geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit geloof was nie, maar net asof dit uit **werke van wet** was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot".

2-4) Gal. 2:14-16: "Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: 'As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe? Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit **werke van wet** nie maar alleen deur *die* geloof in Jesus Christus het ons ook in Christus Jesus geglo sodat ons geregverdig kan word deur *die* geloof van Christus, en nie deur **werke van wet** nie; want deur **werke van wet** sal geen vlees geregverdig word nie".

5) Gal. 3:2: "Dit alleen wil ek van julle weet: Het julle die gees ontvang uit **werke van wet** of deur *die* aanhoor van geloof?"

6) Gal. 3:5: "Hy wat julle dan die gees verleen en kragte onder julle werk, *doen Hy dit* uit **werke van wet** of deur *die* aanhoor van geloof?"

7) Gal. 3:10: "Want elkeen wat *staatmaak* op **werke van wet** is onder 'n vloek, want dit is geskrywe, 'vervloek is elkeen wat nie bly in alle dinge wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie' ".

**Die Ware Betekenis van "Werke van Wet"**: Dit is ooglopend dat Paulus in hierdie skrifgedeelte die tradisionele wette van Judaïsme in die frase "werke van wet" insluit. In Galasiërs hoofstuk 2 het ons die geval waar Petrus en die ander saam met hom, nie 'n wet van God nie, maar 'n wet van Judaïsme gevolg het in hulle afsondering van die nie-Jode, tydens die nuttiging van 'n maaltyd. Petrus was wel bekend met die Joodse tradisies, want hy het vyftien jaar vantevore vir Cornelius gesê, "... julle weet dat dit **ongoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek ...**" (Hand. 10:28).

Petrus het hier na 'n **mensgemaakte** tradisionele wet van Judaïsme verwys. Nie 'n wet van God nie. Daarom sluit Paulus se gebruik van die frase "werke van wet" alle mensgemaakte godsdienstige dekrete, tradisionele wette van Judaïsme (Mark. 7:1-13), asook die rituele en wette met betrekking tot die offerandes wat deur die heidene gevolg is ter aanbidding van hulle gode, (Hand. 14:8-18), in.

Bykomstig hiertoe kan die frase "werke van wet" ook die rituele en offerandes onder die Ou Verbond insluit. Paulus het geskryf dat dit onmoontlik was vir daardie rituele en offerandes om vir sonde voor God die Vader in die hemel, te versoen: "Want die wet, (wat *slegs* 'n skaduwee het van die goeie dinge wat nog moet kom *en* nie die beeld *self* van daardie dinge nie), met dieselfde offers wat hulle gedurig jaar na jaar offer, kan nooit diegene wat kom *om te aanbid* vervolmaak nie. Anders, sou hulle nie opgehou het om geoffer te word nie? Want, as hulle wat aanbid eenmaal gereinig is, *sou hulle* nie langer meer bewussyn van sonde hê nie. Intendeel, deur hierdie *offerandes* jaar na jaar *te offer*, is daar 'n herinnering aan sondes; want *dit is* onmoontlik *vir die* bloed van bulle en ramme om sondes weg te neem" (Heb. 10:1-4).

Opgesom, verwys "werke van wet" na die werke van *enige* wet – die wette van God, die wette van Judaïsme, en die wette van heidense godsdienste. Dit is derhalwe duidelik dat Paulus die frase "werke van wet" in die wydste moontlike sin gebruik – wat *alle* godsdienstige werke van wet insluit.

Betreffende die onderhouding van God se wette in die gees, het Paulus aan die Romeine geskryf dat hulle "... dien in die nuutheid van *die* gees en nie in *die* oudheid van *die* letter nie ... [want] die wet *is* inderdaad heilig, en die gebod heilig en regverdig en goed ... want ons weet dat die wet geestelik is ..." (Rom. 7:6, 12, 14). In hierdie verse verwys Paulus na die geestelike bedoeling van die gebooi van God, genoem "die gees van die wet". Ware christene sal die wette en gebooi van God in nuutheid van die gees gehoorsaam. Nie alleen sal hulle gehoorsaamheid uit hulle harte kom nie, maar sal dit uitwaarts in hulle handeling manifesteer.

Nadat 'n persoon tot bekering gekom het, sal hy of sy *in nuutheid* van lewe wandel en die "goeie werke" doen, te wete om God lief te hê en Sy gebooi

te onderhou. Gebodsonderhouding in die gees van die wet weerhou derhalwe `n mens daarvan om te sondig, want "deur die wet is die kennis van sonde".

**Regverdiging deur Geloof:** Wanneer `n mens in `n staat van sonde lewe, is daardie persoon afgesny van God. Derhalwe is die sondaar in `n totaal hulpelose toestand – want geen werk van enige aard van enige wet kan sonde vergewe en sonde uit sy of haar lewe verwyder nie. Niemand kan hom- of haarself van sonde regverdig nie. Dit is onmoontlik, net soos die spreuk verklaar, "**Wie kan sê: 'ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van my sonde'?**" (Spr. 20:9). Slegs God, wat die harte van mense ken en wat ook die Wetgewer is, kan sonde, synde die oortreding van Sy wette en gebooe vergewe. Hy doen dit deur Sy barmhartigheid en onwankelbare liefde. Geen mens, predikant, rabbi, priester of pous, of enige ander godsdiensteier, of enige wet of werk van wet kan sonde vergewe nie, want alle sonde is sonde teen God. Daarom kan slegs God self, persoonlik, sonde vergewe: "Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! **Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, ...** Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is Sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. **So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons**". (Psalm 103:2-3, 11-12). God skenk vergifnis slegs met die sondaar se egte bekering tot God, welke privaat plaasvind deur hartgrondige gebed onderlê deur `n gebroke hart en `n berouvolle gees. Let op koning Dawid se antieke gebed van bekering, nadat hy swaar gesondig het: "Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; **delg my oortredinge uit na die grootheid van U barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ek ken my oortredinge en my sonde is altyddeur voor my.** Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as u gerig hou. ... kyk, **U het `n welgevalle aan waarheid in die binneste** en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. Ontsondig my met hissop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydschap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. Verberg U aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. **Skep vir my `n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my `n vaste gees**". (Psalm 51:3-6, 8-12).

Ten einde in `n regte verhouding tot God te kom en sondes vergewe en verwyder te hê, moet die sondaar tot God die Vader bely en die offerande van die bloed van Jesus Christus as volle betaling vir sy/haar sondes, aanvaar. Let op hoe Paulus dit uitgedruk het: "[Ons, soos genoem ware christene, is] tot die lof van die heerlijkheid van Sy genade, waarin Hy ons tot onderwerpe van Sy genade in die geliefde Seun gemaak het; in Wie ons verlossing het deur Sy bloed, die vergifnis van sondes na die rykdom van Sy genade" (Ef. 1:6-7).

En weer, in sy brief aan die Kolossense, wys Paulus God se operasie van regverdiging deur die offerande van Jesus Christus en Sy gestorte bloed. Dit is God die Vader "Wat ons persoonlik gered het van die mag van duisternis en ons oorgedra het na die koninkryk van die Seun van Sy liefde; in Wie ons die verlossing het deur Sy bloed, naamlik die vergifnis van sondes ... en, nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van Sy kruis, deur Hom, alles met Homself te versoen; deur Hom, hetsy dinge op die aarde of die dinge in die hemel. Want

julle was eens vervreemd en vyande in julle gedagtes deur bose werke; maar nou het Hy julle in die liggaam van Sy vlees deur die dood versoen; om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel; as julle volhard in die geloof, gegrond en vas en nie beweeg word van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het, en, wat verkondig is in die ganse skepping wat onder die hemel is" (Kol. 1:13-14, 20-23).

Die apostel Johannes skrywe: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1. Joh.1:9).

Dit is hoe God die Vader die berouvolle sondaar, *afsonderlik van gebodsonderhouding*, regverdig. Niemand kan voor God geregtig word deur *enige* werk van *enige* wet nie. Trouens, regverdiging word genadiglik geskenk aan die gelowige, gebaseer op bekering en geloof in die offerande en gestorte bloed van Jesus Christus. Hierdie *staat* van regverdiging word genoem die "gawe van geregtigheid", of die "gawe van regverdiging", wat God die Vader vryelik aan die berouvolle gelowige toereken (Rom. 5:17).

Die funksie van die wette en gebooi van God, daarenteen, is om die mens te wys *hoe* om te lewe, asook te wys *wat* sonde is. Geen wet kan sonde vergewe nie. Geen wet kan die ewige lewe gee nie. Dit is nie die funksie van wet nie. Slegs God die Vader kan 'n mens van sonde regverdig deur Jesus Christus se offerande en bloed, wat *afsonderlik* is van werke van wet en gebods-onderhouding. Ten slotte doen regverdiging van gedane sondes *nie* weg met die wet of die goeie werke wat God van elke ware gelowige vereis nie. Dit is wat Paulus bedoel het toe hy geskrywe het: "Omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar **die daders van die wet geregtig sal word**" (Rom. 2:13).

**Die Geregtigheid van God:** Die Geregtigheid van God blyk uit Sy genade deur sonde deur die bloed en offerande van Jesus Christus, te vergewe. Hierdie geregtigheid plaas die vergewe sondaar in regte verhouding met God. Paulus het geskrywe: "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle **word deur sy genade sonder verdienste geregtig** deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in Sy bloed as 'n versoening deur die geloof, [**geloof in Sy bloed**] om **Sy geregtigheid** te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om **Sy geregtigheid** te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is" (Rom. 3:23-26).

Die geregtigheid van God waaroor Paulus geskryf het, is die uitdrukking van God se liefde, barmhartigheid, vergifnis en regverdiging deur Jesus Christus. In 'n sekere sin, en in hierdie konteks, kan die woord "regverdiging" die woord "geregtigheid" vrylik vervang aangesien die geregtigheid van God die regverdiging wat Hy onverdienslik gee aan die berouvolle sondaar, beteken.

**"Sonder die Wet":** Die frase "sonder die wet" in die Ou Afrikaanse Vertaling (Rom. 3:21) word ook misverstaan aangesien "sonder" die indruk skep dat daar geen wet, hoegenaamd is nie. Die woord "sonder" dra die betekenis "afwesigheid van". Tot ons, as ware Christene, se skande, glo te veel mense dat

Christene die wette en gebooië van God buite rekening kan laat. Nietemin, en in Romeine 3:21, is "sonder" 'n verkeerde vertaling van die die Griekse *choris* (...), wat beteken, "afsonderlik, behalwe, op sy eie, sonder" (Bauer, Arndt & Gingrich, *Greek English Lexicon of the New Testament*, 1974). Die korrekte vertaling van *choris* is "**afsonderlik van**" – derhalwe behoort die frase te lees, "afsonderlik van wet." Aangesien die wette en gebooië van God nie opgehou het om te bestaan nie, is die frase "afsonderlik van wet" meer presies want dit wys dat die funksie van die wet **afsonderlik is van** die funksie van regverdiging deur geloof – wat plaasvind deur bekering en geloof in die offerande van Jesus Christus.

Die hele werking van regverdiging is afsonderlik van en bykomstig tot wet en gebodsonderhouding. **Vergifnis en regverdiging van mens se gedane sondes kan slegs plaasvind deur die lewe, kruisiging, dood en opstanding van Jesus Christus. GEEN WETSONDERHOUDING VAN ENIGE AARD OF ENIGE HANDELING DEUR ENIGIEMAND KAN DIT VERMAG NIE!** Dit is waaroor Paulus skryf – hy skryf nie oor die afskaffing van God se wet nie!

Hier volg die volle, korrekte vertaling van Romeine 3:20-31. Dit wys ook dat "die geregtigheid van God" eintlik die *regverdiging* van God deur die werking van die vergifnis van 'n mens se sondes is:

"Daarom, uit die werke van wet sal geen vlees voor Hom geregverdig word nie; want deur *die* wet *is die* kennis van sonde. Maar nou, *is die* geregtigheid van God geopenbaar **afsonderlik van** wet, terwyl die Wet en die Profete daarvan getuig; die geregtigheid van God wat deur die geloof in Jesus Christus is, vir almal en oor almal wat glo; daar is geen onderskeid nie. Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is; vir Wie God openlik voorgestel het as 'n versoening deur geloof in Sy bloed ten einde Sy geregtigheid [regverdiging] te bewys ten aansien van sondes reeds gedaan, deur die verdraagsaamheid van God; ja, om Sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is. Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Die wet van werke? Glad nie! Eerder, dit is deur 'n wet van geloof. Gevolglik reken ons dat 'n mens geregverdig word deur geloof afsonderlik van werke van wet. Is Hy slegs die God van die Jode? Is Hy nie ook die God van die heidene nie? Ja! Hy is ook God van die heidene want dit is inderdaad een God wat die besnedene sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet [of maak dit staan]."

As 'n mens eens geregverdig is van gedane sondes deur die geregtigheid van God soos deur Paulus hierbo beskrywe – en die Heilige Gees ontvang het – dan begin God Sy wette en gebooië op die hart en die verstand van die gelowige skrywe. Hierdeur word die wet waarlik gevestig, bevestig, en nie afgeskaf nie. "Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. En ook die Heilige Gees gee aan ons getuienis; want nadat Hy tevore gesê het: 'Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit na die dae spreek die Here' *verder*: 'Ek sal my wette gee in hulle hart en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe, en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie'. (Hebr. 10:14-17).



## **Romeine 6:14 – Die ware Betekenis van die Frase, "nie onder wet nie maar onder genade"**

Hierdie enkele versie, Rom. 6:14 – en omdat dit tipies buite konteks aangehaal word – het aanleiding gegee tot groot verwarring onder nominale "Christene". Wanneer in isolasie gelees, gee dit die *indruk* dat dit nie langer van Christene vereis word om die wette en gebooi van God na te kom nie. "Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade".

Maar Romeine 6:14 kan nie in isolasie begryp word nie; die gehele konteks van Romeine hoofstuk 6 moet bestudeer word indien mens Paulus se bedoeling wil begryp. Inderwaarheid word die sleutel reeds in die eerste twee verse van die hoofstuk gegee. Hier vra Paulus die vraag en antwoord dit dan ook: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin deel?" (Verse 1-2).

Onthou, *sonde* is die oortreding van die wet (1 Joh. 3:4). Dit is dan logies dat, as Christene *nie* langer in sonde moet bly nie, moet hulle die gebooi en wette van God nakom. Nietemin, word God se wette nou in die gees onderhou – onder die genade van God!

Paulus gaan dan in die res van Romeine hoofstuk 6 voort om te verduidelik dat die werking van die doop die "dood en begrafnis" van die ou sondige mens versinnebeeld – wat mens dan tot God die Vader regverdig en vergifnis van gedane sondes meebring. Hy verduidelik dit so: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dood opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel [nou met die heilige gees van God – in geestelike gehoorsaamheid]. Want as ons met Hom saamgegroeï [saam verbind] het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons ou mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het [deur bekering en die waterdoop] is geregverdig van sonde [deur die bloed van Jesus Christus]. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dood, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. Net so moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. Net so moet julle julle lede nie stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dood lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder wet nie [vir doeleindes van vergifnis en regverdiging nie], maar onder genade

[vir doeleindes van vergifnis en regverdiging]. Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder wet is nie [vir doeleindes van vergifnis en regverdiging], maar onder genade [vir doeleindes van vergifnis en regverdiging]? Nee, stellig nie! Besef julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – óf van die sonde tot die dood óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar **van harte gehoorsaam geword het** aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is" (Verse 3-17).

Hou in gedagte dat Paulus vanaf Romeine 3:20 tot 6:23 sy hele verduideliking van regverdiging van gedane sondes deur *genade* deur die offerande en bloed van Jesus Christus, **kontrasteer** met die absolute onmoontlikheid van enige *wet* om ware geestelike regverdiging vir die sondaar mee te bring. Dit is binne hierdie selfde konteks waar Romeine 6 vers 14 inpas. As Paulus derhalwe skryf dat Christene nie "onder wet maar onder genade" is, bedoel hy eenvoudig dat ons nie probeer om regverdiging deur wet te verkry nie – wat feitelik onmoontlik is – maar deur God se genade.

Hierdie is dan die ware skriftelike betekenis van Romeine 6 vers 14.

Die apostel Johannes verduidelik verder die *deurlopende* regverdiging en vergifnis van sondes wat gelowiges deur geloof in die offerande en bloed van Jesus Christus het: "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel [in sonde lewe], dan lieg ons en doen ons nie die waarheid nie [U Woord is die waarheid. *Joh. 17:17*]. Maar as ons in die lig [van God se Woord in liefde en gehoorsaamheid] wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en *die bloed van Jesus Christus Sy Seun reinig ons van alle sonde*. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig**. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot `n leuenaar en is Sy woord nie in ons nie. My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; **en as iemand gesondig het, ons het `n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige**; en Hy is `n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir die van die hele wêreld." (1 Joh. 1:6-10; 2:1-2).

Johannes volg dan hierdie verduideliking van die werking van vergifnis van ons sondes deur die bloed van Jesus Christus op met die **vermaning dat dit van ons vereis word om God se gebooie te onderhou**. Dit onderstreep weer dat God se barmhartige genade nie toelaat dat `n mens langer in sonde kan *lewe* nie. Let op: "En hieraan [aan hierdie standaard] weet ons dat ons Hom ken; as ons Sy gebooie bewaar. Hy wat sê 'Ek ken Hom' – en Sy gebooie nie bewaar nie - is `n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat **Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is**. Maar hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Joh. 2:3-6). **Dit is wat dit beteken om in die genade van God te lewe**.

## Romeine 10:4 – Hoe is Jesus Christus "die Einde van die Wet"?

In die Ou Afrikaanse Vertaling lees Romeine 10:4 soos volg: "Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo". Weereens, sou hierdie vers in isolasie en buite verband en historiese agtergrond of die onderliggende Grieks, gelees word, skep dit inderdaad die indruk dat Christus die wet tot `n einde gebring het. Maar is dit, weereens, werklik die betekenis daarvan? Indien wel, *watter* wet het Jesus Christus tot `n einde gebring?

As gevolg van hierdie enkele vers neem baie mense aan dat al die wette en gebooie van God tot `n einde gekom het. Maar is dit waar? Is dit moontlik vir `n mens om enige wet van God tot `n *einde* te bring? Kan mens byvoorbeeld die wet van gravitasie tot `n einde bring? Dit kan nie gedoen word nie. Alle dinge is onderworpe aan wet en alle mense is onderworpe aan God se wet. Sou Christus, wie die Wetgewer is, werklik al God se wette tot `n einde bring, sodat mense vryelik kan sondig sonder enige gevolge? Absoluut nie! Maar dit is ongelukkig wat miljoene Protestante vandag glo en aanhang, gebaseer op hierdie enkele vers.

Kom ons bestudeer die konteks waarbinne Paulus hierdie vers geskrywe het, eerder as om dit in isolasie te lees. U moet onthou dat dit mense is wat die Bybel in hoofstukke en verse opgedeel het. Dit is nie deur die oorspronklike skrywers gedoen nie. Die konteks van Romeine 10:4 begin in werklikheid nie met vers 1 nie maar alreeds met Romeine 9:30. Paulus het geskryf: "Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid [regverdiging] wat uit die geloof is;" (Rom. 9:30).

Nadat mens van gedane sondes geregverdig is, moet mens die gebooie van God in die "Gees van die Wet" onderhou. Paulus het geskrywe: "Aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet". (Rom. 3:30-31). En weer: "Sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 5:21; 6:1-2).

Bykomstig hiertoe, het die Jode wat Jesus Christus verwerp het en voortgegaan het met die tempelrituele en die onderhouding van hulle tradisionele wette van Judaïsme, uiteraard nie regverdiging voor God verkry deur hulle werke van wet nie. **Ware** geestelike regverdiging kan slegs verkry word deur die genade van God en die offerande van Jesus Christus ter vergifnis van sondes: "**Terwyl Israel, wat `n wet** [in die Grieks is daar nie `n bepaalde lidwoord voor die woord "wet" nie] **van geregtigheid** [regverdiging] **nagejaag het, `n wet** [daar is weereens nie `n bepaalde lidwoord "die" voor die woord "wet" in die Grieks nie] **van geregtigheid** [regverdiging] **nie bereik het nie**. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie maar net asof dit uit **DIE WERKE VAN WET** was [die bepaalde lidwoord "die" kom weereens nie voor die woord "wet" in die Grieks voor nie]; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot,

net soos dit geskrywe is, 'Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie'" (Rom. 9:31-33). Ons bevestig net weer die belangrikheid daarvan om daarop te let dat, in die bovermelde skrifgedeelte, die bepaalde lidwoord "die" nie voor "wet" of "werke van wet", voorkom nie. **Paulus verwys hier derhalwe nie na die Tien Gebooië nie.** Paulus skryf in werklikheid hier oor "regverdiging deur werke van wet" – dit is, deur die werking van tempelrituele en/of die tradisionele wette van Judaïsme. Enigiemand wat vir Jesus Christus werk, kan **nooit** regverdiging verkry van gedane sondes deur rituele, van watter aard ookal, of deur Joodse tradisionele wette nie, of die wette van enige ander godsdiens nie. Dit is waarom Paulus hier sê dat die Jode gestruikel het; Jesus was daardie "rots van aanstoot" - vir Wie hulle verwerp het. Terwyl die Jode probeer het om regverdiging van sondes deur tempelrituele en ander wette te verkry, kan ware geestelike regverdiging van gedane sondes slegs kom van God die Vader deur die offerande van Christus. Dit is net bereikbaar deur bekering van sonde en die waterdoop met ware geloof in Jesus se gestorte bloed – alles deur die werking van God se genade. Hierdie geestelike regverdiging deur geloof – of "die geregtigheid van geloof" – kan nie deur enige "werk van wet" verkry word nie.

Kyk hoe verduidelik Paulus dit in hoofstuk 10: "Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is vir hulle redding. Want ek getuig van hulle **dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis.** Want omdat hulle die geregtigheid [regverdiging] wat van God kom, nie ken nie, en hulle eie geregtigheid [regverdiging] probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid [regverdiging] van God nie onderwerp nie. **Want Christus is die einde van werke van wet vir geregtigheid [regverdiging] vir elkeen wat glo**". (Rom. 10:1-4).

Met ander woorde, *vir diegene wat glo*, kom ware regverdiging deur Christus – en bring derhalwe 'n **einde** aan nuttelose pogings tot regverdiging deur rituele werke.

So, die werklike betekenis en bedoeling van Romeine 10:4 is dat Jesus Christus, deur sy offerende vir sonde, eens en vir altyd, 'n einde gebring het aan die tempelrituele-wette en die tradisionele wette van Judaïsme vir regverdiging. Deur dit te skryf, het Paulus nie eensydig al die wette van God beëindig nie, soos wat miljoene graag wil glo nie. Wat Hy gedoen het, was om te benadruk dat ware geestelike regverdiging van God die Vader op 'n unieke manier ontvang word deur geloof in die offerande en bloed van Jesus Christus, wat die operasie is, die werking, met ander woorde, van geloof en genade in kombinasie met mekaar en dat dit nie bekom kan word deur enige werk van enige wet nie.

### **Paulus se leringe aangaande Regverdiging deur Geloof versus Werke van Wet In die Brief aan die Galasiërs**

Wanneer ons hierna dieper delf in wat die apostel Paulus in Galasiërs geskryf het met betrekking tot "regverdiging deur geloof" en "werke van wet," moet ons die volgende punte heelyd in gedagte hou:

- 1) Paulus het die Christene in Rome geleer dat, as mens eens geregverdig is van gedane sondes, mens nie kan voortgaan om in sonde as `n *lewenswyse* te lewe nie – want sonde is die oortreding van God se wet (1 Joh. 3:4). Hy het geskryf: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:1-2).
- 2) Soos Jesus self ook geleer het, is dit *sonde* om *enige* mensgemaakte tradisionele godsdienstige wet – of dit nou Joodse, Katolieke, Protestante of enige ander godsdiens se wette is – in die plek van God se wette en gebooie te onderhou (sien Markus 7:1-13).
- 3) Voor Paulus se bekering, was hy, as Saulus, een van Judaïsme se vooraanstaande Fariseërs. In opdrag van die Hoëpriester het Saulus ware Christene vervolg, gearresteer, in die tronk gestop en selfs gemartel. (Hand. 8:1; 9:1-2; 22:3-5).

In die inleiding tot Galasiërs begin Paulus deur uit te brei hoedat hy Judaïsme "bevorder" het: "Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek **die gemeente van God uitermate vervolg** en dit verwoes het; en dat ek in **die Jodedom vooruitgegaan het** bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral `n **yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders**". (Gal. 1:13-14).

**Galasiërs hoofstuk 2:** Paulus het geskryf dat hy geforseer was om vir Petrus, Barnabas en ander Jode in die openbaar vir hul skynheiligheid te vermaan ten aansien van hulle terugkrabbeling na, en aanhang van, `n tradisionele wet van Judaïsme wat Jode verbied het om saam met nie-Jode te eet. Petrus het van beter geweet aangesien God hom eerste gebruik het om die evangelie en bekering aan nie-Jode te predik, beginnende met Cornelius en sy huishouding. (Hand 10).

Soos ons sal sien, het die gebeure in Galasiërs hoofstuk 2 nie te make met enige wet of gebod van God nie – slegs tradisionele wette van Judaïsme, *wat sonde is*. Die onderhouding van sulke tradisionele Joodse wette kan nooit regverdiging meebring nie – of iemand in `n regte verhouding tot en met God die Vader plaas nie. Kom ons plaas die hele gedeelte onder die vergrootglas, vers vir vers:

"Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het. Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar na hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir dié wat uit die besnydenis is. En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die Evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: '**As jy wat `n Jood is, soos `n heiden lewe en nie soos `n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?** [Dit is, om eenkant te eet soos wat onbekeerde Jode maak]. Ons, wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, terwyl **ons weet dat die mens nie geregverdig word uit**

**die werke van wet** [daar is geen bepaalde lidwoord voor die woord wet in die Grieks nie] **nie, maar deur die geloof in Jesus Christus**, selfs ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van wet nie [geen bepaalde lidwoord voor die woord wet in die Grieks nie]; omdat uit werke van wet geen vlees geregverdig [voor God van ons gedane sondes] sal word nie. Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie! Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder. Want ek het deur wet, [die loon van sonde is die dood] gesterf [deur die werking van die doop] vir wet [dit is Joodse tradisionele wette], sodat ek tot God mag lewe [in liefde en gehoorsaamheid]. Ek is saam met Christus gekruisig [deur die doop], en tog lewe ek. Nie langer ek nie; maar Christus lewe in my; want *die lewe* wat ek nou lewe in *die* vlees, leef ek deur geloof – die geloof van die Seun van God, wat my liefgehad het en Homself vir my gegee het. Ek maak die genade van God nie tot niet nie; want as geregtigheid [regverdiging] deur *werke van wet is*, dan het Christus tevergeefs gesterf" (Gal. 2:11-21). *Geliewe weereens daarop te let dat die bepaalde lidwoord "die" glad nie voor die woord "wet" in hierdie hele gedeelte, in die oorspronklike Grieks voorkom nie.*

Die hele doel van bekering, die doop en regverdiging deur geloof in die offerande en gestorte bloed van Jesus Christus is om die Heilige Gees van God te ontvang, wat dan die verwekking van God die Vader en die "pand" tot ons verlossing is (1 Joh. 3:9; Ef. 1:13-14). Paulus het in hierdie hele gedeelte niks geskryf wat verstaan kan word as synde te beteken dat hy die wette en gebooi van God afgeskaf het nie – GEEN MENS KAN DIT DOEN NIE!

**Galasiërs Hoofstuk 3:** Paulus gaan in hoofstuk 3 ook voort om dit duidelik te maak dat geen werk van enige wet regverdiging van gedane sondes kan meebring nie. Alhoewel God van Christene vereis om Sy wette en gebooi te onderhou in en na die volle geestelike bedoeling daarvan, het geen wet die krag om sonde te vergewe nie, 'n mens geestelik tot God te regverdig nie, die Heilige Gees te laat toekom nie, of ewige lewe toe te deel nie. Die funksie van God se wette en gebooi is om *sonde te definieer*: "O, onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? Dit alleen wil ek van julle weet: **Het julle die gees ontvang uit werke van wet** [die bepaalde lidwoord kom nie voor die woord "wet" in die Grieks voor nie] **of uit die aanhoor van geloof?** Is julle so onverstandig? Nadat julle met die gees begin het, eindig julle nou met die vlees [deur gehoorsaamheid aan menslike wette van Judaïsme]? Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was! Hy wat julle dan die gees verleen en kragte onder julle werk, *doen Hy dit uit werke van wet* of *uit aanhoor van geloof?*" (Gal.3:1-5).

Betreffende die wette en gebooi van God toon Paulus aan dat hulle **nie teenstrydig** met God se beloftes van ewige lewe is nie – wat slegs kom deur liefdevolle gehoorsaamheid en geloof in Jesus Christus. "Is **die** wet [hier is die bepaalde lidwoord "die" wel voor die woord "wet" in die oorspronklike Grieks, wat dan aandui dat Paulus hier na die wette van God verwys en nie nou meer met die wette van Judaïsme handel nie] dan teen die beloftes van God? Nee, stellig

nie! **Want as daar `n wet gegee was wat krag het om lewend te maak** dan sou die geregtigheid [regverdiging] werklik uit wet wees maar die skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte [van ewige lewe] uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word. Maar voordat geloof gekom het, is ons onder wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word [met Christus se eerste koms]. Die wet [die bepaalde lidwoord "die" kom wel hier voor, wat aandui dat dit God se wet is wat hier van gepraat word] was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit geloof. Maar nou dat geloof gekom het, is ons nie langer onder `n tugmeester nie" (Gal. 3:21-25).

Na bekering, die doop en die oplegging van hande, gee God die Heilige Gees – wat dan met die gees van die mens, in die gelowige, verenig (1 Joh. 3:9), en bekering bring (Joh. 14:17). Hierna begin God Sy wette en gebooie in die verstand van die nuwe gelowige skrywe (Hebr. 10:16). Insteede van die *eksterne* tugmeester van die wet, begin die gelowige nou die gesindheid van Christus deur geloof te ontwikkel (Fil. 2:5). Hierdie is die *interne* werking van die Heilige Gees wat die gelowige in en tot alle geregtigheid lei (Rom. 8:14).

**Galasiërs Hoofstuk 5:** Judaïsme het van nie-Joodse proseliete vereis om in die vlees besny te word voordat hulle `n sinagoge mag binnegegaan het. Daar was van hulle vereis om die hele wet te onderhou – bedoelende al God se wette asook al die tradisionele wette van Judaïsme. Vals leraars was besig om bekeerlinge in Galasië terug te laat keer na hierdie leringe. Hierdie leringe was verder `n vermenging van heidense gnostisisme, afkomstig van helenistiese Judaïsme. Hierdie was die "juk van diensbaarheid" waarvan Paulus in Galasiërs 5 praat. Hierteenoor was die wette en gebooie van God *nooit* `n "juk van diensbaarheid" nie – selfs toe hulle in en na die letter van die wet, soos vereis onder die Ou Verbond, gehou moes word nie (Deut. 4:1-8, 39-40; 5:1-21, 32-33; 6:1-25).

Dit is die rede waarom Paulus die Galasiërs vermaan het om ontoegeeflik in die *ware* geloof te bly en hulle gewaarsku het om nie weer terug te keer na "werke van wet" van Judaïsme vir regverdiging nie: "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny [in die vlees eerder as in die hart deur die Gees (Rom. 2:25-29; Kol. 2:13)], Christus vir jul tot geen nut sal wees nie en ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet [al die Ou Testamentiese wette en die tradisionele wette van Judaïsme waardeur bekering, geloof en die doop dan geëlimineer word] te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur *werke van wet* is losgemaak van Christus; Julle het van die genade verval! Want ons verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop" (Gal. 5:1-5). Hierdie is ook die betekenis van Galasiërs 5:18. "Maar as julle deur *die* Gees gelei word, dan is julle nie onder [werke van] wet nie".

## 1 Timotheus 4: 1-5 – Het Paulus Geleer dat Alle Vleis Geskik is as Voedsel?

Daar bestaan geen twyfel nie dat die apostel Paulus geglo het – en derhalwe ook geleer het – "alle dinge wat geskryf is in die Wet en die Profete" (Hand. 24:14). Dit het derhalwe sekerlik God se instruksies aangaande rein en onrein voedsel, (soos gevind in Lev. 11 en Deut. 14), ingesluit. Desnieteenstaande dring hoofstroom Christendom daarop aan dat Paulus die Bybel se verbod teen onrein voedsel verslap het. Hulle haal dan dikwels 1 Tim. 4:1-5 aan, welke inderdaad tot misleiding kan lei indien nie binne konteks bestudeer word nie. In die AOV lees hierdie gedeelte soos volg: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en *gebied* dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. **Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie**; want dit word geheilig deur die Woord van God en die gebed".

Hier waarsku Paulus Timotheus aangaande `n afvalligheid wat in die eindtye sal plaasvind - `n afvalligheid wat verskeie "leringe van duiwels" sal insluit. Een van hierdie "leringe" is `n verbod teen die gebruik van sekere voedsel – waarop Paulus dan met teenwerping reageer deur *skynbaar* te sê dat *alle* vleis geskik is vir voedsel en dat niks verwerplik is as dit met danksegging ontvang word nie.

Maar is dit regtig wat Paulus hier sê? Is Paulus werklik hier besig om die eeue-oue Joodse onderhouding van die Ou Testamentiese voedselwette omver te werp?

Let **eerstens** daarop dat hierdie spesifieke "lering", waarteen Paulus waarsku, spesifiek verwys na die onthouding van vleis wat "God geskape het om met danksegging **gebruik** te word". God het inderdaad vleis geskape wat **nie** deur Hom gemaak was om as voedsel vir mense te dien nie – en word derhalwe as "onrein" geklassifiseer, deur die Woord van God. Maar *rein* voedsel, of vleis, was deur God geskape om inderdaad met danksegging ontvang en gebruik te word. Dus handel hierdie skrifgedeelte nie met voedsel of vleis in die algemeen nie, maar slegs met *rein* voedsel of vleis – daardie voedsel of vleis "wat God geskape het om met danksegging gebruik te word".

**Tweedens**, let daarop dat die voedsel of vleis wat hier die onderwerp van bespreking is, "*geheilig* word deur die Woord van God". Waar in die Bybel word voedsel of vleis spesifiek, en in besonder, *geheilig – afgesonder/eenkant gesit* – vir menslike gebruik? Natuurlik, ooglopend, in Levitikus 11 en Deut. 14, waar die lys van voedsel of vleis wat vermy moet word, gelys word asook die lys van voedsel of vleis wat gebruik moet word. Dus het Paulus nie gesê, soos wat aan hom toegedig word, dat *elke* soort vleis deur God geskape was om as kos te nuttig nie – **maar** dat elke *rein* voedsel of vleis inderdaad deur God geskape was om as voedsel gebruik te word.



Daar bestaan derhalwe geen twyfel nie dat Paulus ook die wette ten aansien van rein en onrein voedsel as `n vereiste vir ware Christene bevestig het. Hy beskryf die voedsel of vleis wat Christene as sodanig mag nuttig, as daardie voedsel wat God "geskape het om met danksegging te ontvang".

**So, Paulus veroordeel hier in werklikheid `n vals lering wat die nuttig van *rein* voedsel of vleis verbied.** `n Korrekte vertaling help om die kwessie op te los:

**"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang, in skynheiligheid leuens sal verkondig, hulle gewetes toegeskroei asof met `n brandyster; wat vir verbied om te trou; gebied dat mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om ontvang te word met danksegging deur die gelowiges, die wat die waarheid ken. Want elke skepsel deur God *aangewys vir menslike gebruik* is goed, en niks om verwerp te word nie, *as* dit ontvang word met danksegging, want, dit is [alreeds] geheilig [afgesonder] deur die Woord van God [in Lev. 11 en Deut. 14] asook gebed".** (Let asseblief daarop dat sekere woorde en frases in die voorafgaande wat in skuinsdruk voorkom, nie noodwendig in die Grieks voorkom nie. Dit is ingevoeg ten einde die bedoeling van die skrifgedeelte duideliker te maak. Sodanige invoegings is ten volle geregverdig deur en gebaseer op die kontekstuele bedoeling van die skrifgedeelte).

Paulus voeg by dat rein voedsel ook afgesonder is, met ander woorde, eenkant gesit is, deur *gebed*. Ons het inderdaad Christus se eie voorbeeld in hierdie verband, waar Christus telkens God se seën op voedsel vra – sien Lukas 9:16; 24:30; ensovoorts. Die gebed sonder die voedsel nog verder af as synde goedgekeur en verbeter deur God – **maar op geen manier kan gebed *onrein* voedsel *rein* maak of *heilig* nie.**

### **Markus 7: 1-5 – Het Jesus alle Voedsel Rein Verklaar?**

Moderne "Christendom" hou in die algemeen aan `n opvatting, naamlik dat Jesus die wette en gebooie van God opgehef het insluitende daardie wette wat sekere voedsel as "onrein" oormerk, vas.

Ter ondersteuning van hierdie opvatting, word daar dan na `n insident wat in Markus hoofstuk 7 opgeteken is, verwys. In hierdie gedeelte word Jesus se dissipels deur die Joodse leierskap gekritiseer omdat hulle `n maaltyd genuttig het sonder om vooraf hulle hande te was. Hierdie dispuut het egter niks te make gehad met rein en onrein voedsel nie. Trouens, die hele argument hier handel oor Joodse tradisionele reinheidsrituele, waaronder `n seremoniële handwassing.

"En die Fariseërs en sommige van die skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het, het by Hom saamgekom; en toe hulle sommige van Sy dissipels met onrein, dit is met ongewaste hande, sien brood eet, het hulle dit afgekeur. Want die Fariseërs en al die Jode eet nie as hulle nie deeglik die hande gewas het nie, omdat hulle vashou aan die **oorlewering van die ou mense**. En wanneer *hulle* van die mark *kom*, eet hulle nie as hulle nie gewas het nie; en **baie ander dinge** is daar wat hulle **aangeneem** het om te onderhou: Die wassery van bekere en

kanne en kopergoed en bedde. Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: "Waarom wandel U dissipels nie ooreenkomstig die **oorlewering van die ou mense nie**, maar eet brood met ongewaste hande?"

Jesus gaan onmiddellik voort, in sy antwoord, deur 'n duidelike onderskeid te tref tussen die Jode se tradisies en die gebooie van God. Hy, Jesus, beskuldig die skrifgeleerdes en die Fariseërs daarvan dat hulle die gebod van God opsysit ten einde hulle **oorlewering** te onderhou. Inderwaarheid, dat hulle die gebooie van God, deur die aanhang van hulle eie menseleringe, ondermyn.

"En Hy antwoord en sê vir hulle: 'Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.** Want terwyl julle **die gebod van God nalaat**, hou julle aan die **oorlewering van mense** vas: Die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie'. En Hy sê vir hulle: '**Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou**'. (Verse 6-9). In vers 13 beklemtoon Christus hierdie veroordeling deur te sê: "So maak julle dan die Woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie".

Dit is baie duidelik dat Jesus se primêre reaksie was om die wette en gebooie van God te verdedig en *ten volle te ondersteun*. Daar is hoegenaamd geen manier waarop hierdie skrifgedeelte ondersteuning kan bied vir die opvatting dat God se gebooie afgeskaf is nie. Nadat Christus hierdie punt gemaak het, gaan Hy voort om met die kwessie met betrekking tot die nuttiging van 'n maaltyd sonder om die hande vooraf te was, te handel. Hy spreek die menigte toe en sê, "luister almal na my en verstaan. Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dit is die dinge wat die mens onrein maak. As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor!" (Verse 14-16).

Dit is tog logies dat ongewaste hande, in besonder, 'n mens nie onrein kan maak nie. Maar Jesus het gesê dat: "Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan, wat hom onrein kan maak nie". Beteken dit dat onrein voedsel nie langer meer verbied word deur God se wette nie – dat letterlik *niks* 'n mens onrein kan maak nie? Wat het Jesus bedoel?

Dit is belangrik om te besef dat die dieetwette van Levitikus 11 en Deuternomium 14 handel met gesondheid en higiëne – nie met geestelike heiligheid nie. Die eet van onrein voedsel kan mens fisies benadeel maar sal mens nie geestelik onrein maak nie. (Nietemin, 'n sorgelose houding jeens enige van God se wette, kan mens inderdaad geestelik onrein maak). Jesus verwys hier na die geestelike *onreinheid* – nie deur enigiets wat mens eet nie, maar deur die gedagtes en houding wat 'n persoon in sy hart en verstand koester.

Omdat Hy geweet het dat Sy dissipels nie verstaan nie, het Jesus gesê: "Wat **uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein**. Want van binne **uit die hart van die mense**, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein".

(Verse 20-23). Die frase in geskil: "En dit gaan in die heimlikheid uit" (Vers 19, AOV), beteken eenvoudig maar net dat alle voedsel uiteindelik uit die liggaam uitgaan. **Rein en onrein voedsel word nêrens in hierdie skrifgedeelte bespreek nie.** (In navolging van die *New International Version* het die vertalers van die sogenaamde Nuwe Lewende Vertaling selfs so ver gegaan as om hulle eie valse invoeging aan die einde van vers 19 te maak, deur in te voeg: "Daarmee het Jesus gewys dat 'n mens enige soort kos mag eet". Hierdie is 'n doelbewuste poging om ongelyke sake, met ander woorde, sake wat met mekaar niks te make het nie, (God se wette teenoor Joodse wette), gelyk te stel. Hierdie is tipies van moderne "Christelike" vertalers se anti-wettiese vooroordeel. **Geen sodanige frase bestaan in die oorspronklike Griekse teks nie.**

Wat nou *as* Jesus werklik bedoel het om God se wette aangaande rein en onrein voedsel af te skaf? As Hy dit sou gedoen het, sou dit een van die grootste teenstrydighede van Sy bediening veroorsaak het. Die leser kan homself indink hoedat die Fariseërs op Hom sou toegesak het as Hy sou gesê het dat varkveis goed en geskik is as voedsel, terwyl die Bybel self die gebruik daarvan verbied. Maar, helaas, daar is in hierdie skrifgedeelte nie eens 'n *aanduiding* daarvan dat die Jode met Jesus hier gestry het asof Hy Ou Testamentiese wette ten aansien van voedsel, sou afskaf nie. Dit is tog duidelik, tot die teendeel, dat dit hier gegaan het oor hulle eie, mensgemaakte, reëls. En die Joodse leiers het hierdie punt wat Jesus gemaak het, ook nie gemis nie. Rituele wassery is heeltemal ondoeltreffend en onnodig ten einde geestelike ontreiniging te voorkom; eerder, ware geestelike reinheid is 'n kwessie van die hart en die verstand.

### **Handelinge 10 – Was dit aan Petrus Getoon dat Onrein Voedsel Rein is?**

Ook Petrus se visioen in Hand. 10 word deur baie wêreldse Christene aangeneem as synde te handel oor God se wette wat die gebruik van onrein voedsel verbied. En tog is daar in hierdie skrifgedeelte geen aanduiding dat God onrein voedsel rein gemaak het nie. So 'n opvatting word in werklikheid "ingelees" in hierdie gedeelte deur diegene wat sekere vooropgestelde standpunte teen God se wette ingeneem het. As hierdie skrifgedeelte behoorlik gelees word, word dit gou duidelik dat Petrus se visioen hoegenaamd nie 'n verandering in die wette van rein en onrein voedsel gemagtig het nie. Om die waarheid te sê, **Petrus se visioen het hoegenaamd niks te make met rein en onrein voedsel nie.**

Terwyl in Joppe, het Petrus, teen omtrent die middaguur, opgegaan na die huis se dak om te bid. Toe, terwyl hy daar is, sien hy in 'n gesig vanaf God, die hemele open en, wat lyk na 'n groot laken of doek, afsak na hom. Die doek was gevul met onrein wilde diere, kruipende diere en onrein voëls. Toe het Petrus 'n stem gehoor wat sê: "Staan op, Petrus, slag en eet!" (Vers 13).

Petrus het nie outomaties aangeneem dat dit ewe skielik geoorloof was om onrein voedsel te eet nie. Hy het *geweet* dat Christene veronderstel was om ooreenkomstig God se wette te leef. Sy reaksie toon duidelik aan dat hy nie die wette aangaande rein en onrein voedsel as afgeskaf beskou het nie.

"Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs [in Engels, *common*] of onreins geëet nie. Die stem het toe verder bygevoeg: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig [Engels, *common*] ag nie". (Verse 14-15).

Die laken met die onrein diere het *drie* maal opgegaan en afgesak. Weereens, het Petrus nooit aangedui dat hy geglo het dat dit nou, na hierdie gesig, toelaatbaar was om onrein voedsel te gebruik nie. Uiteindelik het hy wakker geword en gewonder wat die betekenis van die gesig dan nou sou wees. Maar, ongetwyfeld, het hy geweet dat die gesig *nie* beteken – dat dit op `n verandering in die wette aangaande onrein voedsel dui nie.

Hierna is Petrus deur God na die huis van Cornelius, `n nie-Jood, gelei. Petrus het verstaan dat hy die evangelie aan Cornelius en sy huishouding moes verkondig – en dat hulle gedoop sou moes word en die Heilige Gees sou ontvang. Petrus het begin om te begryp dat God besig was om die deur van verlossing, ook aan die nie-Jode, oop te maak. Toe, skielik, het die betekenis van die gesig wat hy gehad het, vir hom duidelik geword. Terwyl in gesprek met Cornelius, het Petrus gesê: "Julle weet dat dit ongeoorloof is vir `n Joodse man om met iemand van `n ander volk omgang te hê of hom te besoek; **maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig [common in Engels] of onrein mag noem nie**" (Vers 28).

**Joodse Tradisie** – en gebaseer op `n verdraaiing van God se wette met betrekking tot wat rein en onrein is – het die fariseïese Jode verbied om `n noue assosiasie met nie-Jode te hê. Hierdie Jode het nie-Jode as onrein geag, ongeskik om fisiese kontak mee te hê. Petrus was heeltemal op hoogte van hierdie wette van Judaïsme.

God was besig om hier aan Petrus en aan die Nuwe Testamentiese Kerk te wys dat verlossing ook aan die nie-Jode aangebied word – dat hulle *geestelik* besny kon word. Derhalwe is die onderwerp van Handeling 10 nie rein en onrein voedsel nie. God het eenvoudig die gesig van onrein diere gebruik om `n punt aan Petrus te verduidelik, naamlik dat, as God `n nie-Jood geestelik gereinig het, daardie persoon nie as onheilig, [*common* in Engels] of onrein geag mag word nie.

Uiteindelik het Petrus verstaan dat: "...God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een **wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is**" (Verse 34 – 35).